

Hersiening van die *Taalbeleid* (2016)

Verslag oor die openbaredeelnamereaksie op die tweede konsepweergawe van die hersiene beleid

Revision of the *Language Policy* (2016)

Public participation response report on the second draft of the revised policy

22 Augustus | August 2021

Die *Taalbeleid*-hersieningstaakgroep bedank graag alle respondente vir hulle bydraes, en vir hulle tyd en moeite om terugvoer te lewer. Die taakgroep het elke bydrae behoorlik oorweeg, soos wat hierdie reaksieverslag toon.

Die Universiteit Stellenbosch (US) stel die inligting in hierdie dokument slegs vir kennisname aan die leser beskikbaar. Die inhoud van hierdie dokument mag nie sonder die US se skriftelike toestemming gewysig of gereproduseer word nie. Hoewel die US alle redelike pogings aangewend het om die akkuraatheid en korrektheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, is die US nie aanspreeklik óf verantwoordelik teenoor enige persoon of entiteit vir enige foute, weglatings, verlies of skade wat uit die gebruik daarvan voortspruit nie.

The *Language Policy* revision task team expresses its appreciation for every respondent's submission, and for the time and effort that went into the responses. The task team gave due consideration to all inputs received, as this response report demonstrates.

The information in this document is made available by Stellenbosch University (SU) to the reader for information only. The content of this document may not be altered or reproduced without SU's written permission. While SU has made every reasonable effort to ensure the accuracy and veracity of the information in this document, SU shall be neither liable nor responsible to any person or entity for any errors, omissions, loss or damage arising from its use.

Bestuursopsomming

Die *Taalbeleid* (2016) van die Universiteit Stellenbosch (US), wat in 2017 geïmplementeer is, word in 2021 hersien as deel van die hersieningsiklus van vyf jaar wat die *Beleid* self voorskryf. Hierdie dokument doen verslag oor die reaksie op die tweede konsepweergawe van die hersiene *Taalbeleid* (2016), wat op 22 Julie 2021 vir openbare kommentaar vrygestel is.

Hierdie reaksieverslag sluit alle kommentaar in wat op die aanlyn deelnameplatforms ontvang is, sowel as 'n ontleding van daardie bydraes. Dit bevat ook 'n bespreking van sommige van die temas wat na vore gekom het in die terugvoer wat tot en met die sluitingsdatum van die tweede fase van openbare oorlegpleging, naamlik 14 Augustus 2021, ontvang is.

Soos met die *Verslag oor die openbaredeelnamereaksie op die eerste konsep van die hersiene beleid*, is mediaberigte, briewe of petisies wat nie teen die sluitingsdatum op die aanlyn deelnameplatform (www.sun.ac.za/taal of www.sun.ac.za/language) ingedien is nie, nie vir hierdie verslag in aanmerking geneem nie. Waar die taakgroep van enige tersaaklike dokumente bewus geword het, is die betrokke groepe aangemoedig om die bydraes op die amptelike platform in te dien.

Aangesien alle fases van interne oorlegpleging met fakulteite, institusionele komitees, professionele administratiewe en akademiese steundienste- (PASD-)omgewings en studenteliggame nog nie voltooi is nie, is hierdie omgewings se bydraes nie vir hierdie verslag in aanmerking geneem nie. Dit sal egter met die oog op die finale weergawe van die *Beleid* oorweeg word.

Executive summary

The *Language Policy* (2016) of Stellenbosch University (SU), as implemented in 2017, is being revised during 2021 as part of the five-year revision cycle prescribed in the *Policy* itself. This is the public participation response report on the second draft of the revised *Language Policy* (2016), which was released for public comment on 22 July 2021.

This response report includes all the comments submitted via the online submission platforms, as well as an analysis of such input. It also contains a discussion of some of the new themes that have emerged from the feedback received up to the closing date of the second public participation period, namely 14 August 2021.

As with the *Public participation response report on the first draft of the revised policy*, media reports, letters or petitions that had not been uploaded to the online submission platform (www.sun.ac.za/taal or www.sun.ac.za/language) by the closing date were not considered for this report. Where the task team became aware of any relevant documents, the groups were encouraged to submit the contributions via the official platform.

As all the stages of internal consultation with faculties, institutional committees, professional administrative and academic support services (PASS) environments and student bodies have not yet been completed, these environments' input has not been considered for this report. However, it will be taken into account with a view to the final draft of the *Policy*.

A. Reaksies op die tweede konsep

Die aanlyn deelnameplatform vir kommentaar op die tweede konsep is vereenvoudig op grond van die terugvoer wat in die eerste fase ontvang is. Respondente kon kies om slegs algemene terugvoer te bied en/of om op spesifieke paragrawe van die *Beleid* kommentaar te lewer. Die klassifikasiestelsel vir die ontleding van terugvoer is ook gestroomlyn: Die taakgroep het deur alle kommentaar gewerk, elke bydrae oorweeg en dit dié keer as hetsy 1 of 2 geklassifiseer, soos hieronder:

1. Kommentaar of voorstelle **vir verdere oorweging** deur die taakgroep met die oog op moontlike insluiting by die volgende konsep
2. Kommentaar of voorstelle waarvan daar **met dank kennis geneem** word, maar wat nie as geskik beskou word vir verdere oorweging deur die taakgroep nie

Respondente is nie gevra om hulleself as byvoorbeeld alumni, belangegroep, dosente, ouers of studente te identifiseer nie. Altesaam 297 reaksies is ontvang – 126 via www.sun.ac.za/taal en 171 via www.sun.ac.za/language. 'n Aansienlike getal reaksies –

altesaam 119 – was duplikaatvoorleggings, en agt reaksies was leeg, sonder enige algemene óf spesifieke terugvoer.

B. Tematiese ontleding

Uit die voorleggings wat ontvang is, blyk duidelik dat die agt temas wat in die *Verslag oor die openbaredeelnamereaksie op die eerste konsep van die hersiene beleid* (April 2021) uitgewys is steeds geld. Die volgende bykomende temas is ook vir oorweging en verdere beraadslaging deur die taakgroep geïdentifiseer:

1. Taal as 'n weerspieëling van sekere sosiopolitieke en sosiokulturele realiteite

Van die openbare terugvoer betwis nie die doel van die hersiene *Taalbeleid* nie, en hou ook nie direk verband met die reëling, bestuur of oorsigbestuur van taalgebruik aan die US nie. In plaas daarvan, dui dit op benaderings tot taal wat sekere sosiopolitieke en sosiokulturele realiteite weerspieël.

Soos wat ook in die *Verslag oor die openbaredeelnamereaksie op die eerste konsep van die hersiene beleid* (April 2021) genoem is, word taal en begrippe van gemeenskap, kultuur, geskiedenis en identiteit as onderling verwant (en verstrengel) beskou. Taal is nooit neutraal nie. Daarom is dit nie verrassend dat daar in sommige gevalle emotiewe taal gebruik of vrese verwoord word nie.

2. Beleidshersieningsprosesse, en implementering- en bedryfskwessies

Soos wat in die *Verslag oor die openbaredeelnamereaksie op die eerste konsep van die hersiene beleid* (April 2021) bespreek is, blyk nie alle respondente ewe vertrouwd te wees met die aard van institusionele beleide, of met hoe beleide hersien, geïmplementeer, of gemoniteer en beoordeel word nie. Daarvan getuig die groot getal duplikaatvoorleggings wat ontvang is, sowel as herhalings van kommentaar wat reeds in die eerste fase van openbare oorlegpleging verwerk is.

Van die terugvoer wat ontvang is, dui daarop dat implementering by tye dalk van die bedoeling en bepalings van die *Taalbeleid* (2016) afwyk. Die taakgroep het die proses hersien waarvolgens afwykings van die *Beleid* aangemeld kan word om te verseker dat die proses dit moontlik maak om gepas op enige sodanige aanmeldings te reageer. Die taakgroep het ook die kommentaar vir oorweging na die Taalbeplanning-en-bestuursadvieskomitee verwys.

3. Veranderinge sedert eerste konsep verwelkom

Daar blyk 'n redelike mate van eenstemmigheid te wees dat die veranderinge aan die eerste konsep 'n beter tweede konsep tot gevolg gehad het, wat inklusiwiteit en meertaligheid beter bevorder. Nietemin het sommige respondente kommer uitgespreek dat van die veranderinge slegs kosmeties is.

A. Responses to the second draft

The online submission platform for input on the second draft was simplified based on the feedback received during the first round. Respondents could choose to give only general feedback and/or to provide input on specific paragraphs of the *Policy*. The classification system for feedback analysis was also streamlined: The task team worked through all the comments, considered each contribution and, this time, classified it as either 1 or 2, as follows:

1. Comments or suggestions **for further consideration** by the task team, for possible inclusion in the next draft
2. Comments or suggestions **noted with thanks**, but not deemed suitable for further consideration by the task team

Respondents were not asked to self-identify as, for instance, alumni, interest groups, lecturers, parents or students. In total, 297 responses were received – 126 via www.sun.ac.za/taal and 171 via www.sun.ac.za/language. A significant number of responses – 119 in total – were duplicate submissions, and eight responses were left blank in terms of both general and specific feedback.

B. Thematic analysis

From the submissions received, it is evident that the eight themes identified in the *Public participation response report on the first draft of the revised policy* (April 2021) still apply. The following additional themes have also been identified for consideration and further deliberation by the task team:

1. Language as a reflection of particular sociopolitical and sociocultural realities

Some of the public feedback neither contests the purpose of the revised *Language Policy*, nor relates directly to the regulation, management or governance of language use at SU. Instead, it engages in approaches to language that reflect particular sociopolitical and sociocultural realities.

As alluded to in the *Public participation response report on the first draft of the revised policy* (April 2021), language and conceptions of community, culture, history and identity are understood to be interrelated (and intertwined). Language is never neutral. Therefore, it is not surprising to see emotive language being used in some instances, or fears being articulated.

2. Policy revision processes, and implementation and operational concerns

As discussed in the *Public participation response report on the first draft of the revised policy* (April 2021), not all respondents seem to be equally familiar with the nature of institutional policies, or with how policies are reviewed, implemented, or monitored and evaluated. The high number of duplicate entries

submitted, as well as repeat comments already processed in the first round of public consultation, attest to this.

Some feedback received indicates that implementation may at times deviate from the intent and stipulations of the *Language Policy* (2016). The task team has reviewed the process by which deviations from the *Policy* may be reported to ensure that it enables appropriate responses to any such reports. The task team has also referred the comments to the Language Planning and Management Advisory Committee for consideration.

3. Changes since first draft welcomed

There seems to be a fair degree of agreement that the changes made to the first draft have resulted in an improved second draft, which better promotes inclusivity and multilingualism. However, some respondents have expressed concern that some of the changes are merely cosmetic.

	Algemene terugvoer op die tweede konsepweergawe van die hersiene <i>Taalbeleid</i>		Terugvoer rakende 'n spesifieke paragraaf/paragrawe	
A1	Afrikaans moet terug gebring word in SU. As 'n student dink ek sal dit wonderlik wees as hierdie konsep realiseer.	2	Afrikaans moet terug gebring word in SU. As 'n student dink ek sal dit wonderlik wees as hierdie konsep realiseer.	2
A2	dankie vir die hersiening van die beleid. Stellenbosch Universiteit moet steeds as n primer Afrikaanse universiteit geklassifiseer word vir die behoud van afrikaans as n akademiese taal.	2	geen	2
A3	US behoort Primer Afrikaans wees. Daar is meer as genoeg ander talige universiteite in Suid Afrika	2		
A4	Daar is 20 plus universiteite In RSA, om weer van Afrikaans ontslae te raak In die naam van diversiteit is onaanvaarbaar. Die reg op Afrikaans beteken nie veel In die lig van die beperkingsklousule In die grondwet nie. Ons is plaaslik - internasionale vlak van kommunikasie is n ou uitgerede voorbeeld waarom Afrikaans op die agtergrond geskuif moet word. Juis omdat Afrikaans so goed kon ontwikkel het, behoort dit beskerm te word. So nie is dit bloot deel van "cancel culture". Dubbel medium werk nie, en is nie oortuigend nie, te veel universiteite het dit gewaarborg, en is in elk geval nou net engels. Enige ekonomie maak voorsiening vir verskillende produkte, dit word gesien as n gesofistikeerde ekonomie - waarom nie die onderwys nie ? As ek in engels wil leer het ek reeds n keuse tussen 20 plus universiteite.	2	Inleidende paragrawe waar jou reg tot n taal uitgebeeld word. In die opsig die Reg tot Afrikaans - die Howe dui die bestaan van n sosiale kontrak aan om van jou reg tot Afrikaans af te maak as niks nie. Watter vorm van intepretasie moet gevolg word om jou reg tot Afrikaans te handhaaf? Dubbel medium as sosiale kontrak? Dit Werk nie, bloot n volgende stap om van Afrikaans ontslae te raak. Kan u self indink dat Harvard universiteit Sjinees moet word, bloot omdat die Sjinese die meerderheid is in die wereld? Daar moet n wil wees van die leiers op universiteit vlak om Afrikaans te beskerm? Daar is tog meer as 20 universiteite In RSA wat engels as hoof taal gebruik. Dis eenvoudig; die grondwet wat voorgestel was in 1994, het almal laat verstaan dat jou reg tot Afrikaans beskerm sal word.	2
A5	Ek is ten gunste van meertaligheid, maar die voorkeur word beslis aan Engels gegee, moontlik omdat dit 'n internasionale taal is, maar SU se ontstaan en sukses is in Afrikaans bereik en selfs in 'n meertalige omgewing behoort Engels nie oor te neem soos wat nou gebeur nie. Dis asof Afrikaanssprekendes makliker na Engels oorskakel omdat ALLE Afrikaanssprekendes Engels magtig is, maar die omgekeerde is nie dieselfde nie. ALLE Engelssprekendes is nie Afrikaans magtig nie en verwag net dat daar dan in Engels met hul kommunikeer moet word. Dus behoort aanstellings van personeel so te wees dat hul TEN MINSTE Afrikaans magtig is, want hul sal outomaties ook dan Engels kan praat. isiXhosa sal 'n bonus wees. Studente het 'n wye keuse in die land indien hul aan 'n SLEGS Engelstalige universiteit wil studeer.	2	In sommige subparagrawe van Par 7 word duidelik voorkeur aan Engels gegee, bv dat seker studiemateriaal TEN MINSTE in Engels voorsien word. Hoekom nie TEN MINSTE in Afrikaans nie?	1
A6	Die teorie agter die konsep lei in my opinie ongelukkig tot niks anders as al hoe minder geleentheid en hulpbronne vir afrikaans sprekende studente om in hulle eie moedertaal onderrig te word. Voorts is die onvoorsiene en hartseer gevolge van die veranderinge om inklusiwiteit te bevorder by US baie sigbaar in die verhore wat in proses is by die menseregte kommissie. Daar is baie slim teorie en akademiese wysheid agter die konsepte, maar die praktiese gevolge op afrikaanssprekende studente en afrikaans as akademiese taal is kommerwekkend. Vir die eerste keer oorweeg ek nou vir my seuns 'n ander akademiese toekoms as US, alhoewel ek self 'n US student was en byna 'n lewenslange donateur.	2	Sien my antwoord onder algemeen.	2
A7	As Afrikaans as inheemse taal nie gaan toegelaat word in universiteite (almal) mag geen inheemse taal toegelaat word nie.	2	Alweer 'n aanval op Afrikaans, dis ongrondwetlik om Afr as inheemse taal uit te sluit en ander tale te bevoordeel	2
A8	HIER IS MY KYK OOR DIE 'TAALKWESSIE' Die sogenaamde 'taalstryd' op die Universiteit van Stellenbosch kampus het Vrydag 'n nuwe wending geneem met die 'optog' na die Administrasie geboue waar 'n griefskrif met eise aan 'n lid van die personeel oorhandig is. Vooraf was groot gewag gemaak op Litnet van die 'vasspyker van eise aan die deur van die Hoofgebou' en die 'val van die mure van Jerigo'.	2		

<p>Die joernalis, Jean Oosthuizen, skryf breedvoerig van rollende massa-aksie. Geen spykers was in sig nie en die wit mure van die administrasie geboue het laas toe ek gekyk het nog sterk gestaan. Die groepie beswaardes het later op die Braak 'n paar toesprake afgesteek en toe huiswaarts gekeer.</p> <p>Wat moet ons hiervan dink?</p> <p>Ek twyfel vir geen oomblik nie dat die beswaardes op 'n diep emosionele vlak oortuig is dat hul saak die legitieme eise dra van Afrikaanssprekendes. Hul hipotese is dat Afrikaans verskraal op die US kampus en dat veral voorheen agtergeblewe gemeenskappe weer aan die korste end trek. Die woordjies 'minderheid' en 'taalregte' kom gereeld voor in gesprekke en artikels oor die onderwerp. Maar eers moet ons die koring van die kaf skei.</p> <p>Ons kan óf feitelik kyk na hierdie aannames óf gedryf word deur emosie, aangevuur deur 'n paar insidente en die koue feite ignoreer en bloot instinktief reageer.</p> <p>AGTERGROND</p> <p>Baie witmense en ook 'n deel van die bruin gemeenskap voel dat sedert die aanvang van die demokrasie is hulle verontreg en is hul kultuur-erfenis in gedrang. 'n Tipe desperaatheid het posgevat in hulle gemoed en kom sporadies tot uitbarsting soos nou weer met die taal-kwessie op die kampus. Die ophef op die kampus kon net sowel oor ras of godsdiens gegaan het.</p> <p>Hierdie gevoel van weerloosheid het 'n duidelike aanloop in ons geskiedenis.</p> <p>BEVOORREGTING</p> <p>Reeds vanaf koloniale tye maar veral tydens apartheid het witmense hulself verryk, dikwels ten koste van die swart en bruin gemeenskappe, en mettertyd gewoond geraak aan hul ekonomiese en politieke verhevenheid en die wye invloed wat daarmee gepaard gegaan het. Op bykans alle gebiede was witmense in beheer en het hulle vir dekades die agenda bepaal.</p> <p>In die sakesektor het Afrikaanssprekendes mettertyd die hef in die hand gehad met die samewerking van die Engelse establishment en kon hulle die ekonomie na willekeur bedryf soos dit hulle sou pas. Swart arbeid was goedkoop en in oorvloed.</p> <p>In die politiek was dit insgelyks die geval en het die Nasionale Party volmag geniet en met 'n ysterhand die land regeer.</p> <p>Ook op kulturele gebied het Afrikaner belange voorrang geniet met verskeie organisasies wat wye invloed en mag geniet het en hul eie behoeftes kon bevredig via hul lidmaat- en</p>		
--	--	--

<p>patronaatskap aan die regering van die dag.</p> <p>Op godsdienstige vlak, in die onderwys, die regte asook op militêre en sekuriteits gebied was die hef, hoofsaaklik, in die hande van wittes.</p> <p>Hierdie bevoorregting het parralel verloop en gepaard gegaan met die koöptering van 'n deel van die Afrikaanssprekende bruin gemeenskap in veral die Wes-Kaap, waar taal, en in 'n mindere mate ook godsdiens, die gemene deler was.</p> <p>VANDAG</p> <p>Die eens magtige Afrikaner masjinerie het in 1994 hewige verliese gely en daarna is hul invloed op al die bogenoemde gebiede gereduseer tot wat dit vandag is.</p> <p>Vir baie is dit 'n bitter pil om te sluk dat hulle nie meer die toonaangewende leiers is nie en sien ons dat proporsionele verteenwoordiging op bykans elke gebied van die samelewing al hoe meer begin geld.</p> <p>In kontras met die verlede is wit Afrikaanssprekendes se politieke aspirasies vandag meer realisties in hul rol as 'n minderheid.</p> <p>Op kulturele gebied, in die godsdiens, sport en onderwys en ook in tersiêre verdere studie speel Afrikaners en Afrikaans steeds 'n beduidende, dog krimpende, rol.</p> <p>Veral dele van die Afrikaanssprekende bruin gemeenskap voel dat hulle, weereens, aan die agterste tepel suig.</p> <p>Die enigste gebied waar die wit, histories-bevoorregte gemeenskap steeds disproportioneel die pas aangee is in die sakesektor, insluitende die media.</p> <p>Opgehoopte welvaart en die rol van die Afrikaanssprekende media bied vandag 'n laaste bastion aan sommige om steeds hul invloed landwyd te laat geld.</p> <p>Al hierdie invloede het gelei tot gister se opmars.</p> <p>MÔRE</p> <p>Maar daar waai nuwe winde en verandering is aan die orde van die dag.</p> <p>Die oorgrote meerderheid wit, insluitende Afrikaanssprekende bruin studente, verkies om in Engels te studeer.</p> <p>En nie net aan die Universiteit van Stellenbosch nie maar landwyd.</p> <p>Die statistieke is daar vir enigiemand om te bestudeer.</p> <p>Meer as 80% van alle voorgraadse studente op Stellenbosch het aangedui dat hulle in Engels wil studeer. Na-graads is dit na aan 100%.</p> <p>Wat die organiseerders van die optog, die groep gewese en huidige akademië, sommige ouer alumni en die Afrikaanse pers nie wil besef nie is dat die aspirasies van 'n nuwe, jonger generasie verskil van hul voorouers.</p> <p>Hierdie jongmense dra nie dieselfde emosionele bagasie as hul ouers en hul voorgeslagte nie. Hulle beskou die verlede as gedane sake en sien uit na 'n heilsame en inklusiewe toekoms.</p>		
---	--	--

	<p>Vir hulle is dit van kardinale belang dat hulle hulself strategies nou reeds posisioneer om die volle voordeel van 'n snel veranderende ekonomie en sosiale landskap te kan geniet. Hulle besef terdeë dat nadat hulle afgestudeer het hulle 'n wêreld tegemoet sal gaan waarin die lingua franca hoofsaaklik Engels sal wees. En hulle berei nou voor vir die toekoms.</p> <p>GISTER</p> <p>Die mense wat hierdie tipe protes aksies reël en bestuur is hoofsaaklik ouer mense van 'n vorige geslag wat reeds hul beurt gehad het as die katalisators van verandering. Hul verwysingsraamwerk is verlede tyd.</p> <p>Die jonger mense droom van en berei hulle voor vir 'n beter toekoms.</p>			
A9	<p>Engels is 'n internasionale gerekende taal ook. Die Afrikaanse paragraaf is so mooi uitgebrei en die res nie.</p>	1	<p>Afrikaans is 'n internasionaal gerekende taal wat oor verskeie dissiplines heen 'n aansienlike akademiese repertoire ontwikkel het, waartoe die US beduidend bygedra het. Die toepassing en verryking van die akademiese waarde van Afrikaans is 'n manier om 'n groot en diverse gemeenskap te bemagtig. Vaardigheid in Afrikaans ondersteun ook internasionalisering omdat dit 'n geleentheid skep vir leer en navorsing met van die Universiteit se standvastigste akademiese vennootskappe in Nederland en België.</p> <p>3 Engels Sprekers van die verskillende Suid-Afrikaanse tale gebruik dikwels Engels om met mekaar te kommunikeer, en Engels het beduidende akademiese, professionele en internasionale waarde. Daarom gebruik die US Engels gereeld, maar nie uitsluitlik nie, in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste.</p> <p>IsiXhosa IsiXhosa is 'n inheemse taal wat deur een van die grootste taalgemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word. Deur middel van spesifieke inisiatiewe, en waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is, dra die US by tot die bevordering van isiXhosa as 'n ontwikkelende akademiese taal, benewens die gebruik van isiXhosa as 'n taal om alle amptelike interne kommunikasie oor te dra soos wat die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderrysinstellings (2020) voorskryf.</p>	1
A10	<p>Geen een van die skakels het gewerk nie, dus mag my kommentaar uit konteks voorkom, maar my opinie bly dat Afrikaans deel van die Taalbeleid moet wees.</p>	2		
A11	<p>"Ons instelling se verbintenis tot meertaligheid is nie 'n blote pragmatiese maatreël om verskeie tale te akkommodeer nie. 'n diverse samelewing." Baie altruistiese stelling. Hoeveel ander universiteite volg die beleid? Doen die Engelse universiteite dieselfde vir Afrikaans? My kind het 'n Engelse pa en het oorsee groot geword. Sy eerste taal is dus Engels. Ons het gekies om hom Stellenbosch toe te stuur ten spyte van die feit dat sy Afrikaans baie beperk was (spreektaal). Ons het presies geweet waarvoor ons ons inlaat as hy 'n Afrikaanse universiteit KIES. En dit is die kern van die saak. Studente KIES 'n universiteit. WAAROM een kies waar Afrikaans die voertaal is as jy 'n probleem het daarmee? Dis nie asof hulle nie vandag al die ander universiteite van die land het om uit te kies nie! Jy kies nie 'n Franse universiteit as jy 'n probleem het met Frans as voertaal nie!!!! En dit het NIKS met ras te doen nie, maar NET met die taal/tale waarmee jy gemaklik is. Kulture kan gedeel word</p>	2	<p>7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word inhoud ook in Afrikaans opgesom of beklemtoon. Dit is VERKEERD! Doen alle lesings in Afrikaans met hulp en opsommings in Engels. Dit behoort meeste redelike mense te bevredig - Afrikaans bly die primere taal, maar niemand word uitgeluit nie. Ek se weer - jy gaan nie na 'n Franse universiteit en eis dat Engels die voertaal word nie. Neem Kanada as 'n voorbeeld - daar word voorsiening gemaak vir beide Engels- en Franssprekende studente. Hoekom kan ons dit nie ook in SA doen nie?</p>	1

	sonder dat Afrikaans as voertaal geraak word - daar is genoeg studente van ander kulture wat gemaklik is om in Afrikaans te studeer. Tussen SU en die regering het Afrikaans 'n politieke speelbal geword tot nadeel van 'n groot deel van die burgers van hierdie land (onlangse gebeure by die US staaf hierdie stelling). Moet asseblief nie die gekwoteerde paragraaf gebruik om u agenda te motiveer nie.			
A12	ASSEBLIEF MOENIE DIE UNIVERSITEIT AS 'N TWEETALIGE INSTANSIE BEMARK NIE. Dankie.	2	ASSEBLIEF MOENIE DIE UNIVERSITEIT AS 'N TWEETALIGE INSTANSIE BEMARK NIE. Dankie.	2
A13	Die totale afskaf van Afrikaans is n onreg wat die Universiteit besig is om te pleeg . Die Wes Kaap het n beduidende afrikaanse komponent en moet geakkomodeer word . N Twee stroom stelsel spesifiek vir voor graadse studente is wenslik . Wees innoverend en maak planne soos om sateliet kampus in Bellville of waar ookal aan die gang te kry . Afstand onderrig maak ook n legio moontlikhede vir n twee stroom stelsel moontlik . [persoonlike inligting verwyder]	2		
A14			The draft uses the Dutch word "simultane" in place of the Afrikaans word "tegelyktydige". It may seem trivial, but I think it is important that a document on language policy also uses the language in which it is written correctly?	1
A15	Studente moet die keuse kan hê om te kies of hulle 'n klas wat in Engels of Afrikaans aangebied word wil bywoon. Dit geld vir alle studierigtings en vakke wat aangebied word en ook vir alle grade wat deur die US aangebied word. In 'n geval waar 'n dosent nie 'n betrokke taal magtig is nie moet die US 'n ander gepaste dosent kontrakteer.	1		
A16	<p>1. Die US is 'n universiteit wat in Afrikaans gestig is vir Afrikaanssprekendes van die Afrika kontinent.</p> <p>2. Afrikaans is dan ook, volgens die nuutste navorsing, die tweede mees gesproke taal in Suider Afrika (na Xhosa).</p> <p>3. Wit, swart, kleurling, Indier, Chinees en wat ookal anders is hier by US baie welkom indien hulle akademiese standaard en intelligensie, maniere, opvoeding en waardesisteen dit toelaat - EN indien hulle in Afrikaans onderrig wil word.</p> <p>4. Dis uiters jammer dat die regering - in plaas daarvan dat hulle eerder NUWE universiteite en skole open (wat broodnodig is), telkemale (sonder uitsondering) liever diesulke instansies wat goed werk (soos die US) wil probeer 'transformeer' (lees liever breek of vernietig as one na hulle glorieryke rekord kyk).</p> <p>5. Dis natuurlike ook uiters jammer/tragies dat meeste van diegene wat aan die hoof van hierdie tipe van 'transformasie' staan, nie enige kwalifikasie by die US (of enige ander formele akademiese instansie) verwerf het nie, maar of blatante valse kwalifikasies voorhou, of 'ere doktorsgrade' (ook meestal vals) van sekere Afrika universiteite 'verwerf' het deur een of ander 'struggle' - wat dikwerls ook net verwoesting agtergelaat het.</p> <p>Hoe mens ookal na hierdie 'transformasiepogings' van die regering kyk, die volgende geld: "Indien jy nie van Afrikaanse onderrig by die US hou nie - dis 'n vrye wereld - gaan studeer by Universiteit Kaapstad, Universiteit Weskaap, of dosyne ander instansies wat NIE in Afrikaans klasgee nie, OF begin jou eie instansie wat in jou eie taal klasgee. Hierdie 'transformasiepogings' word ongelukkig gedryf deur diesulkes wat liever breek as bou.</p>	2		
A17	Meertaligheid is 'n vaardigheid wat beslis aangemoedig moet word. Daar is egter 'n ewegroot imperatief om korrekte taalgebruik 'n hoeksteen van die beleid te maak. Die soort patois wat te dikwels in hedendaagse kommunikasies verskyn gaan al die mooi planne van die beleid ondermyn. Die algemene gebruik van 'n "selfoon" skryfstyl is ongelukkig 'n	2		

	uitvloeisel van die hedendaagse lewe.. Veral in akademiese en tegniese kommunikasies is korrekte terminologie en duidelike taal 'n absolute vereiste.			
A18	Hierbo moet dit nie wees die breër "SU"-gemeenskap maar wel soos altyd "US"-gemeenskap dws die Universiteit van Stellenbosch in Afrikaans nie die "Stellenbosch University (US)" nie.	1		
A19	Alles pragtige akademiese gebabbel, maar die praktyk wys dat die instelling ENGELS as eerste en belangrikste taal in die hede en toekoms gaan bevorder sonder om die meerendeels Afrikaanssprekende gemeenskappe waarbinne die universiteit geleë is die reg te gee om te alle tye in Afrikaans onderrig te word. Die ruggraatlose leierskap van die universiteit is 'n verleentheid vir my en baie oudstudee wat die alewige gepaaiery oor die taalbeleid nie met die praktyk kan vereenselwig nie.	2		
A20	Daar is universiteite in die Weskaap wat Engelsprekende studente kan akkommodeer. Sou hulle nie Afrikaans magtig wees nie, hoef hulle nie Stellenbosch te kies as studie inrigting nie. Niemand verplig hulle nie. Hou Stellenbosch se basis Afrikaans.	2		
A21	My skenkings asook familie skenkings aan die US is reeds gestop. Dit sal maar net verval in nog n afrika ashoop. Sterkte daar vorentoe vir julle.	2	1	
A22	Verkies Afrikaans as Eerste Taal met slegs spesiale vergunningsgebruik van Engels. Landwyd is daar oorwegend Engelse Universiteite, dus is daar verskeie opsies vir studente wat slegs in Engels onderrig wil word.	2		
A23	<p>As 'n [persoonlike inligting verwyder] kan ek met eerstehandse ervaring sê :'' Stellenbosch is lankal nie meer Afrikaans nie''. Ek was gelukkig genoeg om 2011 as 'n nuweling my loopbaan by Stellenbosch Universiteit te begin. Die die daaropvolgende jare van my BEng;MEng en PhD het ek self gesien dat Afrikaans nie meer plek het by Stellenbosch nie. Hierdie was n teer punt dwarsdeur my studente dae en bly steeds een.</p> <p>Ek is plantvloers en Afrikaans. Stellenbosch het nooit moeite gedoen met Afrikaanse studente nie. Ons moet deurgaans sedert 2012 tevrede wees met vertaal dienste selfs al was net 10% van die klas Engels sprekend. Die universiteit het net vinnig besef dat Afrikaanse studente nie vertaaldienste gebruik nie en hul sodoende geld kan spaar. Om nie eers te noem hoe sleg hierdie dienste se tegniese vermoëns was nie.</p> <p>Ek moet egter met eerlikheid sê dat Stellenbosch reeds die Afrikaanse gemeenskap verloor het. En die taalbeleid nie nou meer of minder skade gaan doen nie. Die goeie Afrikaanse studente kom lankal nie meer Stellenbosch toe nie. En die goeie Engelse studente gaan UCT toe. So die uitvoerende raad van Stellenbosch Universiteit het self hul bed opgemaak en gaan. Nou maar tevrede moet wees met die vrugte wat hul dade dra.</p> <p>Ek is tans in die industrie en kan met eerlikheid sê. Ek sou nie Stellenbosch kies indien ek die tyd kon terugdraai nie. Ek moes Engels leer op Stellenbosch en indien ek weer sou kies sou ek definitief UCT verkies het. "Rather the devil you know".</p> <p>Dit breek my hart. Mara Stellenbosch is lankal nie meer 'n tuiste vir Afrikaanse studente nie. Die raad moet egter net besef. Ons is almal eens. Ek as 'n Afrikaanse student was nie goed</p>	2	Die dokumente word nie uitgevoer soos julle dit neerstip nie. Ek weet . Ek het al my tersiêre onderrig by Stellenbosch ontvang . Van BEng tot PhD. So hierdie dokument is nie eers die HTML5 spasie werd waarop dit staan nie	2

	genoeg nie, so my donasies gaan ook nie wees nie. En ek sal definitief nie met heimweë dink wanneer my maatskappy navorsingsbefondsing uit deel nie.			
A24			&7.1.4.3 en 7.1.5.2(a): "Simultane tolking" ?? Is dit die korrekte afrikaans? Wat van "gelyktydige vertaling".	1
A25	<p>Ek lewer graag terugvoer op die tweede konsep van die hersiene Taalbeleid.</p> <p>Ek verstaan en ondersteun inklusiwiteit en die bevordering van die samewerking tussen verskillende kulture.</p> <p>Dit is egter presies die teenoorgestelde wat bg. Taalbeleid ten doel het. Meertaligheid word nie bevorder deur die onderdrukking van Afrikaans nie. Die Universiteit van Stellenbosch was nog altyd 'n tersiêre instansie waar Afrikaans as onderrigmedium uitstekende resultate opgelewer het en wie se graduandi kon uitstyg op elke samelewings- en beroepsvlak in Suid-Afrika en oor die hele wêreld.</p> <p>Afrikaans as amptelike taal word deur die US as onderrigtaal geminag. Die opstellers en skrywers daarvan word lakeie van 'n regering en politieke entiteite wie ten doel het om te verander, wat goed is en wat werk, net omdat die verbind word met 'n apartheidsregering. Daar word hoegenaamd geen ag gegee op die gevolge van die uitstoot en geleidelike uitfassing van Afrikaans nie.</p> <p>Die feit dat die US sy status as gerespekteerde tersiêre instansie wêreldwyd verloor, skeel die opstellers min. Dit word op dieselfde basis as regstellende aksie gedoen. Die feit dat Blankes verhoed en verhinder word om sekere poste te beklee en vervang word deur persone wat nie Blank is nie, klink reg vir almal. Histories is die Blankes mos onregverdig bevoordeel. Die feit dat die spesifieke instansie wat getransformeer is, nie meer presteer, soos dit het en kan nie, maak nie saak nie. Die oogmerk van transformasie is bereik en of uitnemendheid daarmee by die agterdeur uitgegooi word, tel niks. Wys my een staatsdepartement wat optimaal funksioneer of enigsins redelik funksioneer buiten die SAID. Sommige persone in die regering sal aandui dat daar probleme is en dat dit reggestel moet word, maar die fout word nie by die beleid, wat die tragiese gevolge het, gesoek nie. Dit is in elk geval te laat. Sulke foute kan nie reggestel word nie.</p> <p>Dieselfde gebeur by die US. "Edele beleide" onder die vaandel van transformasie, regverdigheid en 'n streep mooi klinkende selfstandige naamwoorde word ingestel. As die US in as lê en almal terugkyk en met allerhande regrukpogings en idees kom, is dit te laat.</p> <p>Alhoewel ek seker is daarvan dat hierdie skrywe met minagting en selfs veragting gelees en hanteer sal word, pleit ek by die US om Afrikaans 'n gelykmatige kans te gee en dit nie te probeer uitskuif nie. US is een van drie senior Tersiêre instansies in die Wes-Kaap (daar is deesdae natuurlik heelwat meer as net hierdie drie), waar 'n baie groot gedeelte van die bevolking Afrikaanssprekend is en waar die meeste toppresterders uit Afrikaanssprekende huise kom en uit oorwegend Afrikaanssprekende skole.</p> <p>Vra julleself af waarom julle eerder Afrikaans wil vertrap as koester? Is daar politieke agenda's ter sprake? Gaan dit hier oor die welstand van US en sy studente of word julle</p>	2		

	politieke lakeie? [Persoonlike inligting verwyder]			
A26	Ek is tevrede.	2	Geen kommentaar.	2
A27	Behalwe dat die trotse tradisie van die US se Afrikaanse agtergrond en die rol wat dit gespeel het in die ontwikkeling van Afrikaans as wetenskapstaal, heeltemal tot niet gemaak sal word, sal voornemende Afrikaanse studente benadeel word - daar is net een ander universiteit waar Afrikaans as onderrigtaal gebesig word. En Afrikaans is die tweedegrootste taalgroep in SA.	2	Ek voel myself nie bevoeg om hier kommentaar te lewer nie - professionele mense behoort dit te doen.	2
A28	Die huidige taalbeleid se diverseiteit mpet kyk na die historiese konteks van die ontwikkeling van Afrikaans as a akademiese taal	2	Paragraaf 40	1
A29			<p>Dankie vir 'n goed deurdagte hersiene dokument. Die US doen groot moeite om 'n regverdige taalbeleid te ontwikkel en het myns insiens groot vordering in hierdie verband gemaak. Ek glo egter dat slegs die toekoms sal toon hoe uitvoerbaar die hersiene beleid in die praktyk sal wees. Byvoorbeeld, "simultane tolking" (7.1.5.2) mag in die praktyk probleme meebring deur aandag van die doel van die lesing of praktikum ter sprake af te trek. In 7.1.4.1 word genoem dat alle inligting ten minste in Engels oorgedra sal word. Hoe uitvoerbaar dit is, hang sekerlik van die doel van die lesing af. Byvoorbeeld, as die lesing oor die aanleer of die kulturele konteks van 'n ander taal handel, mag 'n ansder taal soos Engels ontoepaslik wees. BUIGBAARHEID in die toepassing van die beleid sal dus gehandhaaf moet word.</p> <p>Laastens, daar sal teen politiek ge-inspireerde eise van studente of dosente gewaak moet word. Byvoorbeeld, ek het my BSc graad in 1952 aan die US behaal met hoofsaaklik Afrikaans as onderrig-taal. Vir my was die taal self van mindere belang, as om te leer om logies en produktief oor die onderwerp te kan nadink en om dit sodoende te kan gebruik. In 1953 het ek aan die Universiteit van Kaapstad my BSc- Honneurs graad behaal, met Engels as uitsluitlike onderrigtaal. Natuurlik moes ek my daarby aanpas, maar het nooit daaraan gedink om ook Afrikaans as onderrigtaal te eis nie. Dieselfde in latere gevorderde studie om MSc en doktorale grade te behaal. Maar die fondament van Afrikaans a.g.v. my aanvanklike studiejare aan die US, was altyd vir my 'n bate, ook in latere jare waar ek nie slegs in SA maar ook oorsee gewerk het. Dit het gegaan oor buigbaarheid in denke en begrip.</p> <p>Dus, terwyl huidige politieke tendense sonder twyfel 'n beduidende rol in die ontwikkeling van die beleid van veel-taligheid aan die US speel, mag politiek geïnspireerde eise nie die dryfveer agter die ontwikkeling van 'n veeltaligheids-beleid wees nie. Ditgaan oor die ontwikkeling van die vermoë om produktief te kan dink en te analiseer en NIE primêr oor die taal waarin dit geskied nie.</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p>	2
A30			7.1.5.3 Wat is die werking en beskikbaarheid van geheime stemming. Is dit iewers gedefinieer?	1
A31	Deur aan te dring op respek vir jou taal vereis dat respek getoon word vir ander groepe se tale. Die taal van US sou in ideale omstandighede die taal van die streek wees maar die lingua franca blyk voortaan Vertaal te wees.	2		

A32			7.1.5.2.....laat alle lesings/vertolkings/notas voorgraads in beide Afrikaans en Engels geskied.verander dus die stelling dat dit slegs in eerste akademiese jaar so sal wees.	1
A33	Die Universiteit is gestig om vir Afrikaanse studente voorsiening te maak. Daar is 'n groot aantal universiteite in SA wat vir ander tale voorsiening maak en Afrikaanse studente het die reg om in hulle taal onderrig te word. Ek is nie gekant daarteen dat daar vir onderrig in Engels voorsiening gemaak word nie, maar die US moet grootendeels Afrikaans wees.	2	Geen	2
A34	Swak en geensins in lyn met wat vereis word deur belanghebbendes nie. Die is slegs lippe-taal met bitter min wat enigsins prakties gaan verander teenoor wat in plek is. SU lyk my het vergeet wie hul suksesvol gemaak het (in alle opsigte) - dieselfde individue wat hom sal laat misluk!	2	Nee, hou op om die speletjies te speel en verander alles om in lyn te wees met Afrikaans en Engels as gelyke tale (eintlik behoort Afrikaans die leidende taal te wees). Die vraag is slegs geplaas om juis self te regverdig!!!	2
A35	Ek sou aanbeveel dat die definisielys aan die begin van die beleid ingesluit word en nie aan die einde as paragraaf 13 nie	2	Gaan asb paragraaf 7.1.10 na - die "is in ten minste in Engels" moet lees "is ten minste in Engels"	1
A36	Ek persoonlik verstaan dat die Universiteit aanpasbaar moet wees t.o.v. inklusiwiteit van alle studente sonder om opnuut te diskrimineer teen n sekere taalgroep en denkwys. Engels is waarskynlik die Universele Akademiese taal en voordelig vir alle studente om blootstelling daarin te ontvang vir vooruitgang van navorsing en internasionale samewerking. Daar behoort nie nuwe "entitlement" te wees wat Afrikaans ,die stigterstaal, dink ek, uitsluit nie Viktimisering van anders denkende studente is verkeerd. Daar behoort geduld en empatie met hulle standpunt te wees. Studente se verskil in denke en standpunte is hulle eie keuse en deel van die lewendige dinamika van debat by n Universiteit. Respek vir die geskiedenis en tot standkoming asook insette van die grondleggers van die Universiteit en sy waardes behoort n integrale deel te wees van die ontwikkeling van enige student se leerervaring . Daar moet egter ook teen prestasies wees en n onderneming van studente om nie koshuise en sosialisering te politiseer nie - en ook hulle rol in leiersposisies met integriteit te gebruik en nie tot voordeel van hulle eie oriëntering nie. Soos bv. onseker eerstejaars wat aangemoedig word om LGTB te eksperimenteer . Hierdie keuses behoort nie vanuit n posisie van gesag aangemoedig te word nie. Elke student se ervaring is sy eie keuse. Hulle akademiese sukses <u>geestelike en fisiese veiligheid</u> is prioriteit .	2		
A37	Ek hou van die meertalige beleid, dit sluit natuurlik meer potensieele studente vir US in, maar weet net ek maak my kinders afrikaans groot en gaan hul so ver moontlik in afrikaans n opvoeding gee (hetsy dit by Stellenbosch of watter instansie ook al gaan wees). Met hulle daaglikse blootstelling aan Engels leer hul dit heel goed en is ek gemaklik dat hul tweetalig sal kan funksioneer as groot mense. Maar n opvoeding in jou moedertaal maak jou lewe net soveel makliker.	2		
A38	Afrikaans is die derde grootste taal in Suid-Afrika, nie Engels wat 6de is nie. US kan steeds 'n hoë standaard handhaaf met Afrikaans as hoof-voertaal en met tolke vir anderstaliges. Waarom Afrikaanssprekendes se menseregte ontnem? Wes-Kaap se amptelike tale is Afrikaans, Engels en Xhosa. Vir diegene wat dus na US wil kom vir kwaliteit tersiêre onderrig, weet dan dat dit 'n Afrikaans-voertaal-universiteit is. Kaapstad is Engels.	2	Nie van toepassing	2
A39	Dit is 'n skreiende skande hoe die US akkomoderend optree teenoor partye wat geen belang het om bona fide studente te wees nie, maar bloot hul teenwoordigheid misbruik om 'n	2	Hoekopm word gidsvraag vir hierdie vraag in engels gevra - skaam julle!!	2

	<p>agenda van anargie aan te blaas en te bevorder. Die uiteinde hiervan sal 'n afgewaterde instansie wees wat ontmagtig is om 'n spreekbuis van sy eie kultuur en herkoms te wees en, in die proses, lojaliteit en ondersteuning gaan prysgee tot die punt waar die instansie, sonder populistiese ingrype, gaan inplof.</p>			
A40			<p>Vir wie dit van belang is.</p> <p>Dit bly vir my ironies dat die uiters wetenskaplike ontleding baie volledig en professioneel aangebied word vanuit die oogpunt dat dit 'n natuurlike situasie is wat ontstaan het rakende die taalaanbod van studente by die Universiteit van Stellenbosch. Derhalwe word dit as 'n feit gestel dat die aanbod vir Afrikaans natuurlik gedaal het. Dit per sy is natuurlik 'n infame leuen.</p> <p>Die feit is dat die sogenaamde transformasiekantoor van die US jaarliks nuwe kwotas oftewel transformasietiekens stel waar die swart aanbod van studente jaarliks opwaarts aangepas word. Die kwota oftewel teiken vir aantal ingeskrewe swart studente word jaarliks verhoog ingevolge die nasionale demografiese samestelling ongeag die Wes-Kaapse unieke demografiese samestelling waar ongeveer 49% van die mense in die Wes-Kaap Afrikaanssprekend is. Daar is voorts 3 suiwer Engelstalige Universiteite in die Wes-Kaap waar Engelstalige studente volkome in Engels kan studeer, te wete: Universiteit van Kaapstad, Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstadse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie. Alhoewel die 51% studente volkome geholpe kan raak by die ander 3 Engelstalige Universiteite word die kwessie van meertaligheid absoluut gedryf deur die US se bestuur asof daar geen ander alternatief vir Engelstalige studente is om geholpe te raak nie. Ek praat uit persoonlike ondervinding waar my seun B Comm gestudeer het (Hy het 87.8% in matriek behaal). Ek en my vrou moes sy studies volkome betaal. Swart studente word met vol beurse gelok na die US en sy kamermaat se ouers van KZN, beide bevoorreedes deur die huidige SEB het 4 maal my en my wederhelfte se bruto salaris verdien. Ons praat hier natuurlik van omgekeerde sosiale ongeregtheid. Sy kamermaat het met 'n volbeurs gestudeer terwyl ek en my vrou ten spyte van finansiële tekorte hom moes deursien.</p> <p>Die beginsel hier ter sprake is dus dat die US aan die eenkant 'n kunsmatige situasie skep om aan die anderkant te beweer dat die Afrikaanse aanbod van studente spontaan verander het. Dit is 'n infame leuen. Die situasie het oor jare heen geeskaleer namate die swart aanbod (Swart studente is omtrent almal Engelsprekend) kunsmatig verhoog is deur die rasteikens jaarliks te verhoog. Ek het die saak persoonlik met Prof Wim de Villiers ook bespreek. Die vraag is dus wat sou die situasie gewees het as alle studente suiwer op meriete geplaas word in koshuise en toelating tot kursusse sou kry. Die antwoord op daardie vraag weet u verseker. Tog duur die situasie voort wetende dat die nuwe vrygebore geslag wat absoluut geen direkte of indirekte aandeel tot die historiese verlede gehad het nie. Tog word die Afrikanisering en verengelsing van die US skaamteloos en doelbewustelik gedryf onder die dekmantel van sogenaamde "transformasie". Volgens die WAT beteken transformasie die verandering van jou denke en definitief nie die toepassing van omgekeerde rasse-diskriminasie ten einde sosiale ingenieurswese te bewerkstellig nie. Derhalwe word die sogenaamde transformasietiekens voorgedou as verduideliking ten einde Afrikaans se aanbod doelbewustelik uit te bestuur en te verskraal aan die US.</p>	2

			<p>Ek het tydens my gesprek met die Rektor, Prof Wim de Villiers, gevra, wanneer sluit die vensterperiode vir die omgekeerde rasse-diskriminasie praktyk van kwotastelling of rasteikens alhoewel die nuwe geslag geen bydrae tot die historiese verlede gelewer het nie, hetsy direk of indirek nie. Hy kon my nie antwoord nie. Sou dit dus gaan oor die historiese skuld van 'n taal behoort Engels as een van die grootste koloniale verdrukkers ooit in die historiese verlede, dra Afrikaans per sy kollektief die skuld van Engels ook. Afrikaans het dus die gerieflike swartskaap geword om die wereldwye tendens om te verengels te regverdig sonder om na die demografiese samestelling van die Wes-Kaap te kyk.</p> <p>Die aanbevelings van die Gerwel verslag is en word steeds klakkeloos geignoreer. Die aanbevelings het behels dat daar ten minste een Universiteit in die suide en een Universiteit in die noorde as Afrikaanstalige Universiteit behou word. Dit is gruwelik misken.</p> <p>Ter opsomming wil ek dus die volgende pleidooi lewer, want aan die einde van die dag sal dit seker niks meer as 'n blote pleidooi wees nie. Bring suiwer meriete terug sodat Afrikaanse studente suiwer op meriete kan meeding met anderstalige studente. Skaf alle vorme van rasgebaseerde transformasieitekens onmiddellik af. Dan eers sal die natuurlike aanbod van Afrikaanse studente spontaan kan realiseer by die US. Neem ook die demografiese samestelling van die Wes-Kaap in ag asook die beskikbare ruimte vir Engelstalige studente by die ander 3 volkome Engelstalige Universiteite in die Wes-Kaap. Dit is tyd om nugter en eerlik na die politieke en sosiale omgewing te kyk en besluite te neem op eerlike en etiese beginsels. Soos die Engelse spreekwoord immers se, "Two wrongs don't make a right" Begin 'n slag die die regte ding doen ongeag die prys. Die dividende daarvan sal ons in die toekoms ervaar as die aanbod van Afrikaanse bruin studente spontaan op grond van meriete kan verhoog word.</p> <p>Laastens dit was oorlede Jan S Marais se laaste wens dat die US 'n Afrikaanstalige Universiteit sou word om Afrikaanses te bemagtig in hulle moedettaal, naamlik Afrikaans op tersiere vlak. Hierdie wens en die uitvoeisels en gevolglike nalatenskap van Jan S Marais word gruwelik misken en vertrap. Dit is tyd om ook dit in ag te neem in die formulering van die US se taalbeleid. Engels gaan tien teen een altyd met ons wees. Hoe lank gaan Afrikaans, die jongste taal en inheems taal aan Suid-Afrika nog bestaan. Gaan die US sy rol misken en ontken in die bewaring van hierdie pragtige en reeds volledige wetenskaplike ontwikkelde taal en aandadig wees aan die doelbewustelike dood van hierdie pragtige taal? Daardie vraag kan alleen u beantwoord.</p>	
A41	<p>dit is vir my steeds onaanvaarbaar en onredelik om nie Afrikaans te aanvaar as n inheemse taal nie . Die Qhosas en die NEDERLANDERS/AFRIKAANSE MENSE HET SAAM VAN VERSKILLENDE KANTE EN MET VERSKILLENDE BYDRAES IN HIERDIE LAND AANGEKOM EN HUL BYDRAES GEMAAK .ERNSTIGE AANDAG MOET DAARAAN GEGEE WORD</p> <p>Die nder punt is dat die Universiteit van Stellenbosch gestig is met Nederlands/Afrikaanse geld ; met n beursfonds om veral arm sodaniges die geleentheid te gee dit moet btog die basis van die Universiteit bly</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p>	2		
A42	<p>US is 'n belangrike opvoedings-en-onderriginstelling waar Afrikaans deurgaans in alle fakulteite as onderrigmedium gebruik moet word vir Afrikaanssprekende Studente.</p>	2	<p>Dieselfde soos hierbo genoem.</p>	2

	<p>Engelssprekende studente, behoort die bepalings in 7.1.4.3 ook groter vryheid om te kies bewerkstellig, en duidelike definisies verskaf vir die begrippe “opgesom en “beklemtoon.”</p> <p>5. Maak dit uitdruklik duidelik dat geen persoon onder enige omstandighede verbied kan word om die taal van hul eie keuse te praat nie.</p> <p>6. Onderneem om strategiese fondsinsameling te doen om die aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog op dieselfde wyse wat die universiteit reeds strategiese fondsinsameling doen om nuwe geboue te bou en die diversiteit van akademiese- en navorsingspersoneel te verhoog.</p>		<p>die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). ’n Opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing sal voorsien word, sowel as die intydse tolking daarvan indien tolking aanlyn geskied het. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>Wysig 7.1.5.2 om as volg te lees: (a) Die US stel gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>(b) Benewens lesings word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.</p> <p>Wysig 7.1.4.1 om as volg te lees:: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Afrikaans of Engels oorgedra. As die lesing hoofsaaklik in Engels geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Afrikaans. As die lesing hoofsaaklik in Afrikaans geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Engels. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.</p> <p>Wysig 13 deur ’n addisionele definisie by te voeg: 13. Woordelys van Terme en Afkortings Deeglike opsomming en beklemtoning: ’n Breedvoerige samevatting van alle tersaaklike inhoud tydens dubbelmediumlesings wat tolking genoegsaam aanvul dat studente wat van tolkdienste gebruik maak nie benadeel word nie.</p> <p>Wysig 7.2.2 om as volg te lees: 7.2.2 Die voertaal of -tale by interne vergaderings moet daarop gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Wysig 7.2.5 om as volg te lees: 7.2.5 In Studentegemeenskappe word taal op ’n wyse gebruik wat verseker dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Voeg punt 7.5.7 by: 7.5.7 Die US is daartoe verbind om meer strategiese fondsinsameling te doen van fondse wat spesifiek geoormerk is om die meertalige aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog.</p>	
A91	<p>Ek vereis die volgende 6 wysigings om aan Afrikaans gelyke aansien aan die US te gee: 1. Voeg ’n nuwe beleidsbeginsel by wat voorsiening maak vir gelyke aansien vir Afrikaans en Engels.</p>	1	<p>Voeg punt 6.4 by: 6.4 Weens hul status as die US se primêre leer- en onderrigtale, geniet Afrikaans en Engels gelyke aansien.</p>	1

<p>2. Meld uitdruklik dat die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3 – naamlik parallelmediumklasse – die voorkeuropsie is vir alle voorgraadse lesings waar dit prakties moontlik is.</p> <p>3. Verander die bepalings in 7.1.4.3 en 7.1.5.2 sodat tolkdienste in gelyke mate beskikbaar gemaak word aan beide Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente tydens dubbelmedium- en enkelmediumlesings. Die diens kan steeds gestaak word indien daar twee weke verloop sonder dat dit gebruik word. Verwyder ook die beperking van “redelikerwys uitvoerbaar” in 7.1.5.2 (b).</p> <p>4. Bo en behalwe ’n gelykmatige reg op tolkdienste vir Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente, behoort die bepalings in 7.1.4.3 ook groter vryheid om te kies bewerkstellig, en duidelike definisies verskaf vir die begrippe “opgesom en “beklemtoon.”</p> <p>5. Maak dit uitdruklik duidelik dat geen persoon onder enige omstandighede verbied kan word om die taal van hul eie keuse te praat nie.</p> <p>6. Onderneem om strategiese fondsinsameling te doen om die aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog op dieselfde wyse wat die universiteit reeds strategiese fondsinsameling doen om nuwe geboue te bou en die diversiteit van akademiese- en navorsingspersoneel te verhoog.</p>	<p>Wysig 7.1.3 om as volg te lees: 7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, is parallelmediumlesings die voorkeuropsie en geld die volgende:</p> <p>Wysig 7.1.4.3 om as volg te lees: 7.1.4.3 Vir voorgraadse modules stel die US gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). ’n Opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing sal voorsien word, sowel as die intydse tolking daarvan indien tolking aanlyn geskied het. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>Wysig 7.1.5.2 om as volg te lees: (a) Die US stel gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>(b) Benewens lesings word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.</p> <p>Wysig 7.1.4.1 om as volg te lees: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Afrikaans of Engels oorgedra. As die lesing hoofsaaklik in Engels geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Afrikaans. As die lesing hoofsaaklik in Afrikaans geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Engels. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.</p> <p>Wysig 13 deur ’n addisionele definisie by te voeg: 13. Woordelys van Terme en Afkortings Deeglike opsomming en beklemtoning: ’n Breedvoerige samevatting van alle tersaaklike inhoud tydens dubbelmediumlesings wat tolking genoegsaam aanvul dat studente wat van tolkdienste gebruik maak nie benadeel word nie.</p> <p>Wysig 7.2.2 om as volg te lees: 7.2.2 Die voertaal of -tale by interne vergaderings moet daarop gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Wysig 7.2.5 om as volg te lees: 7.2.5 In Studentegemeenskappe word taal op ’n wyse gebruik wat verseker dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p>
---	--

			<p>Voeg punt 7.5.7 by: 7.5.7 Die US is daartoe verbind om meer strategiese fondsinsameling te doen van fondse wat spesifiek geoormerk is om die meertalige aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog.</p>	
A92	<p>Ek vereis die volgende 6 wysigings om aan Afrikaans gelyke aansien aan die US te gee:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Voeg 'n nuwe beleidsbeginsel by wat voorsiening maak vir gelyke aansien vir Afrikaans en Engels. 2. Meld uitdruklik dat die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3 – naamlik parallelmediumklasse – die voorkeuropisie is vir alle voorgraadse lesings waar dit prakties moontlik is. 3. Verander die bepalings in 7.1.4.3 en 7.1.5.2 sodat tolkdienste in gelyke mate beskikbaar gemaak word aan beide Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente tydens dubbelmedium- en enkelmediumlesings. Die diens kan steeds gestaak word indien daar twee weke verloop sonder dat dit gebruik word. Verwyder ook die beperking van “redelikerwys uitvoerbaar” in 7.1.5.2 (b). 4. Bo en behalwe 'n gelykmatige reg op tolkdienste vir Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente, behoort die bepalings in 7.1.4.3 ook groter vryheid om te kies bewerkstellig, en duidelike definisies verskaf vir die begrippe “opgesom en “beklemtoon.” 5. Maak dit uitdruklik duidelik dat geen persoon onder enige omstandighede verbied kan word om die taal van hul eie keuse te praat nie. 6. Onderneem om strategiese fondsinsameling te doen om die aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog op dieselfde wyse wat die universiteit reeds strategiese fondsinsameling doen om nuwe geboue te bou en die diversiteit van akademiese- en navorsingspersoneel te verhoog. 	1	<p>Voeg punt 6.4 by: 6.4 Weens hul status as die US se primêre leer- en onderrigtale, geniet Afrikaans en Engels gelyke aansien.</p> <p>Wysig 7.1.3 om as volg te lees: 7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, is parallelmediumlesings die voorkeuropisie en geld die volgende:</p> <p>Wysig 7.1.4.3 om as volg te lees: 7.1.4.3 Vir voorgraadse modules stel die US gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). 'n Opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing sal voorsien word, sowel as die intydse tolking daarvan indien tolking aanlyn geskied het. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in 'n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>Wysig 7.1.5.2 om as volg te lees: (a) Die US stel gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in 'n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>(b) Benewens lesings word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.</p> <p>Wysig 7.1.4.1 om as volg te lees:: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Afrikaans of Engels oorgedra. As die lesing hoofsaaklik in Engels geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Afrikaans. As die lesing hoofsaaklik in Afrikaans geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Engels. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.</p> <p>Wysig 13 deur 'n addisionele definisie by te voeg: 13. Woordelys van Terme en Afkortings Deeglike opsomming en beklemtoning: 'n Breedvoerige samevatting van alle tersaaklike inhoud tydens dubbelmediumlesings wat tolking genoegsaam aanvul dat studente wat van tolkdienste gebruik maak nie benadeel word nie.</p> <p>Wysig 7.2.2 om as volg te lees:</p>	1

			<p>7.2.2 Die voertaal of -tale by interne vergaderings moet daarop gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Wysig 7.2.5 om as volg te lees: 7.2.5 In Studentegemeenskappe word taal op 'n wyse gebruik wat verseker dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Voeg punt 7.5.7 by: 7.5.7 Die US is daartoe verbind om meer strategiese fondsinsameling te doen van fondse wat spesifiek geormerk is om die meertalige aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog.</p>	
A93				
A94				
A95	<p>Ek verwelkom dit dat daar in die US se Taalbeleid aandag aan isiXhosa gegee word. Vir die res fokus ek op Afrikaans en Engels.</p> <p>Indien die Taalbeleid in geheel beskou word, is dit duidelik dat die woorde “inklusief en divers” en “transformerend” primêr op Afrikaanssprekende studente en personeel gemik word. Dit word van hulle verwag om akkommoderend te wees ter wille van Engelssprekende studente en personeel. In wat in die praktyk by die US waargeneem word en wat implisiet in die Taalbeleid verwoord word, is dat die US GEEN ernstige poging sal aanwend om dit van Engelssprekende studente en personeel te verwag word om “inklusief en divers” en “transformerend” op te tree ter wille van Afrikaanssprekende studente en personeel nie.</p> <p>Afdeling 2 handel oor die meertalige konteks. Hier word ten opsigte van Engels uitdruklik gesê dat “die US Engels gereeld, maar nie uitsluitlik nie, in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste” gebruik. Vergelyk dit met die drie sinne oor Afrikaans. Die eerste sin gaan oor die verlede. Die ander twee sinne verkondig algemene waarhede sonder die soort verbintenis wat ten opsigte van Engels gemaak word.</p> <p>Die praktyk aan die US oor die afgelope jare om Afrikaans by institusionele byeenkomste af te skaal vind sy regverdiging waarskynlik in die volgende sin: “In die praktyk sal hierdie gesindheid hom manifesteer in institusionele byeenkomste waar taalvereistes deur aanvanklike kontroles bepaal word en transtaligheid voorkom.” Die gevolg hiervan is dat daar by institusionele byeenkomste wat ek bygewoon het dalk 'n paar woorde in Afrikaans gepraat word, vermoedelik om Afrikaanssprekendes te paai, en die hele res van die verrigtinge in Engels is.</p> <p>Afdeling 6 handel oor beleidsbeginsels. In paragrawe 6.1 tot 6.3 is daar alreeds gevaarligte vir Afrikaans in woorde soos “inklusiwiteit”, “transformasie” en “hindernis”, woorde wat nooit ten opsigte van Engels genoem word nie. Die inhoud van die genoemde paragrawe word verder in konteks geplaas deur paragraaf 6.9, naamlik dat uitvoering gegee sal word</p>	1		

	<p>slegs as dit “redelikerwys uitvoerbaar” is. Die woorde “redelikerwys uitvoerbaar”, “mits” en “indien” word in die Taalbeleid ruim gebruik om die afskaling van die Afrikaanse aanbod aan die US te regverdig.</p> <p>Paragraaf 6.6 word ten opsigte van belanghebbendes direk weerspreek deur paragraaf 7.3.2. Ek het self in Julie 2021 ‘n navraag in Afrikaans gerig aan ‘n lid van die administratiewe personeel. Uit vorige kontak weet ek dat die personeel vlot in Afrikaans is en waarskynlik Afrikaanssprekend is. Die terugvoering was in Engels. Ek glo dat die personeel werk onder opdragte en binne ‘n stelsel waarin Engels toenemend die norm gaan wees.</p> <p>Afdeling 7 handel oor beleidsbepalings. Wat voorgaande leerstof betref, is die kontras tussen paragrawe 7.1.7.1 en 7.1.7.2 ‘n voorbeeld van die voorkeurbehandeling van Engels en die benadeling van Afrikaans wat in die US se Taalbeleid voorkom. Paragrawe 7.1.8 en 7.1.10 gaan oor nagraadse onderrig, weer gekwalifiseer deur “mits” en “indien.” Daar is geen twyfel hoegenaamd dat Afrikaans op nagraadse vlak by die US aan die kortste ent trek nie.</p> <p>Afdeling 7.4 gaan oor taalbeplanning. Ten opsigte van Engels verklaar paragraaf 7.4.2.1 dat die Engelse aanbod in stand gehou sal word. Daarenteen verklaar paragraaf 7.4.2.2. dat die Afrikaanse aanbod “bestuur” sal word “waar dit redelikerwys uitvoerbaar is.”</p> <p>In die lig van die voorafgaande moet die mooi ondernemings in paragraaf 7.5.3 bevraagteken word en kom die integriteit van die US oor sy ondernemings onder verdinking. Die eerste sin van hierdie paragraaf lui soos volg: “Die US ondersteun vakkundige inhoud wat in Afrikaans ontwikkel word, en die voortgesette gebruik van Afrikaans as ‘n wetenskaplike taal deur die hele universiteit.” Dit is eenvoudig nie waar nie. Hierdie sin word ondergrawe deur allerhande voorwaardes en verskonings wat in die res van die Taalbeleid ten opsigte van Afrikaans gestel word. Om die sin waar te maak, sal die Taalbeleid ingrypend hersien moet word. As so ‘n hersiening nie gedoen word nie en die sin bly soos dit is, is die sin ‘n blatante leuen en sal die integriteit van die US wat taal betref in duie stort.</p> <p>In die Taalbeleid se definisie van inheemse tale skuil die US agter die definisie in die Taalraamwerk vir Openbare Hoëronderrig (2020). Dit is ‘n voorbeeld van eie verantwoordelikheid wat ontduik word. Wat is die US se eie standpunt oor Afrikaans as ‘n inheemse taal? Dit is belangrik dat studente, personeel en belanghebbendes dit weet by die definisie van inheemse tale in die US se Taalbeleid.</p>			
A96	Mee eens, doelaltes	2	Allemaal mee eens	2
A97	Baie belangrik, kultuurerfgoed mag nie verdwyn nie	2		
A98	<p>Ek vereis die volgende 6 wysigings om aan Afrikaans gelyke aansien aan die US te gee:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Voeg ‘n nuwe beleidsbeginsel by wat voorsiening maak vir gelyke aansien vir Afrikaans en Engels. 2. Meld uitdruklik dat die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3 – naamlik parallelmediumklasse – die voorkeursposisie is vir alle voorgaande lesings waar dit prakties moontlik is. 3. Verander die bepalinge in 7.1.4.3 en 7.1.5.2 sodat tolkdienste in gelyke mate beskikbaar gemaak word aan beide Afrikaanssprekende en Engelsprekende studente tydens 	1	<p>Terugvoer rakende ‘n spesifieke paragraaf/paragrawe :</p> <p>Voeg punt 6.4 by:</p> <p>6.4 Weens hul status as die US se primêre leer- en onderrigtale, geniet Afrikaans en Engels gelyke aansien. Wysig 7.1.3 om as volg te lees:</p> <p>7.1.3 Vir voorgaande modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, is parallelmediumlesings die</p>	1

<p>dubbelmedium- en enkelmediumlesings. Die diens kan steeds gestaak word indien daar twee weke verloop sonder dat dit gebruik word. Verwyder ook die beperking van “redelikerwys uitvoerbaar” in 7.1.5.2 (b).</p> <p>4. Bo en behalwe ’n gelykmatige reg op tolkdienste vir Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente, behoort die bepalings in 7.1.4.3 ook groter vryheid om te kies bewerkstellig, en duidelike definisies verskaf vir die begrippe “opgesom en “beklemtoon.”</p> <p>5. Maak dit uitdruklik duidelik dat geen persoon onder enige omstandighede verbied kan word om die taal van hul eie keuse te praat nie.</p> <p>6. Onderneem om strategiese fondsinsameling te doen om die aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog op dieselfde wyse wat die universiteit reeds strategiese fondsinsameling doen om nuwe geboue te bou en die diversiteit van akademiese- en navorsingspersoneel te verhoog.</p>	<p>voorkeuropisie en geld die volgende:</p> <p>Wysig 7.1.4.3 om as volg te lees: 7.1.4.3 Vir voorgraadse modules stel die US gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). ’n Opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing sal voorsien word, sowel as die intydse tolking daarvan indien tolking aanlyn geskied het. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>Wysig 7.1.5.2 om as volg te lees: (a) Die US stel gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word. (b) Benewens lesings word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.</p> <p>Wysig 7.1.4.1 om as volg te lees:: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Afrikaans of Engels oorgedra. As die lesing hoofsaaklik in Engels geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Afrikaans. As die lesing hoofsaaklik in Afrikaans geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Engels. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.</p> <p>Wysig 13 deur ’n addisionele definisie by te voeg: 13. Woordelys van Terme en Afkortings Deeglike opsomming en beklemtoning: ’n Breedvoerige samevatting van alle tersaaklike inhoud tydens dubbelmediumlesings wat tolking genoegsaam aanvul dat studente wat van tolkdienste gebruik maak nie benadeel word nie.</p> <p>Wysig 7.2.2 om as volg te lees: 7.2.2 Die voertaal of -tale by interne vergaderings moet daarop gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Wysig 7.2.5 om as volg te lees: 7.2.5 In Studentegemeenskappe word taal op ’n wyse gebruik wat verseker dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Voeg punt 7.5.7 by: 7.5.7 Die US is daartoe verbind om meer strategiese fondsinsameling te doen van fondse wat spesifiek geoormerk is om die meertalige aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog.</p>
---	--

<p>A99</p>	<p>KOMMENTAAR OP DIE US-TAALBELEID IN 2021</p> <p>Die [persoonlike inligting verwyder] het met ernstige kommer kennis geneem van die marginalisering van Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch.</p> <p>Die [persoonlike inligting verwyder], wat tans die administrasie behartig van ongeveer 1 775 lenings aan studente van wie 'n groot aantal aan US studeer, het sedert die [persoonlike inligting verwyder] se stigting in 1916 reeds langer as 'n eeu 'n verbintenis met die US. In daardie tydperk het die [persoonlike inligting verwyder] se belegging in Afrikaans as 'n uiters belangrike instrument van bemagtiging meegehelp dat geslagte van Afrikaanstaliges hulle aan US kon bekwaam as onderwysers en landbouers, natuurwetenskaplikes en medici, maatskaplike werkers en predikante, sakelui en rekenmeesters en so meer; kortom, as waardevolle landsburgers.</p> <p>Die proses van verengelsing aan voorheen Afrikaanse universiteite was nie die gevolg van normale taalverskuiwing nie. Dit het onder druk van vasberade politici en betogende drukgroepe geskied. Die ANC-regering, wat selfs sover gegaan het om Afrikaans nie as 'n inheemse taal te erken nie, het ook die patroon van talle post-koloniale Afrika-regerings gevolg deur die voormalige koloniale taal de facto tot die uitsluitlike amptelike taal te verhef. Oral het hierdie elite-benadering ten koste van inheemse Afrikatale geskied, juis terwyl internasionale instellings soos Unesco herhaaldelik die waarde en voordele van onderrig in inheemse tale gepropageer en beklemtoon het.</p> <p>Op Stellenbosch is verengelsing versnel sedert 2015, toe prof Wim de Villiers as die nuwe rektor aangestel is. Dit is geboekstaaf dat hy verklaar het dat dit makliker sal wees om onderrig aan US in Engels aan te bied, en uiteindelik het Engels die primêre voertaal geword.</p> <p>Die 2016-taalbeleid, wat voorsiening vir 'n 100%-aanbod in Engels gemaak het, is oplaas op 10 Oktober 2019 aan die einde van 'n omstrede hofsaak deur die Konstitusionele Hof bekragtig. Dit was nadat regter Edwin Cameron, wat die uitspraak geskryf het, in die loop van die hangende hofsaak deur rektor De Villiers genader is om US se kanselier te word en die aanbod aanvaar het.</p> <p>Die vernaamste rede waarom die hersieningaansoek teen die 2016-beleid misluk het, is dat dit regstegnies volgens die regters nie kon slaag nie, onder meer omdat getuienis oor die effek van die taalbeleid nog nie bewys kon word nie.</p> <p>Die latere kanselier, Cameron, het egter in sy uitspraak geskryf: "The 2016 Language Policy does maintain and preserve Afrikaans, but – crucially – this is now subject to demand and to available resources. The practical effect is that, while undergraduate classes are still generally offered in Afrikaans, Afrikaans has lost its position of primacy. Instead it is placed on a sandy footing where the deluge of English predominance, both local and global, could</p>	<p>1</p>		
------------	---	----------	--	--

<p>well destabilise and eventually topple it.”</p> <p>Hy het die gevaar besef, maar die koste en beskikbare hulpbronne as rede vir verwerping van die appèl teen die 2016-beleid aangevoer. Regter Froneman het in ‘n afsonderlike uitspraak gewys op die uitermate bevoorregting van wit Engelssprekende studente wat verder deur die verheffing van Engels as dominante taal bevoordeel word terwyl veral die swart en bruin agtergeblewenes verder benadeel word. Hy het dit “seer eienaardig” gevind dat die hoogste hof hieraan sy goedkeuring gegee het.</p> <p>Hoofregter Mogoeng Mogoeng, wat in ‘n vorige taalsaak bevind het dat Afrikaans “unwittingly racist” geword het, het in sy eie afsonderlike uitspraak erken: “...Afrikaans is indeed an African language, our historic pride to be treasured by all citizens. Its existence precedes colonialism.” Hy het hierdie keer selfs vir die bewaring van Afrikaans gepleit: “... it is most fitting to appeal particularly to our corporate citizens’ spirit of generosity, to help preserve Afrikaans, and develop other indigenous languages, as essential tools for knowledge impartation and comprehension. And that they can do by deploying resources to the establishment of private institutions of learning...”</p> <p>Sedertdien is die institusionele kultuur aan US egter sodanig “getransformeer” dat die universiteitsowerhede, wat pretendeer om “die Princeton van Suid-Afrika” te word, baie aandag daaraan gee om blinker op internasionale ranglyste te vertoon en ‘n groot bedrag bestee om internasionale bande met ander universiteite te knoop. Dit gebeur ten koste van die US se voorheen gemeenskapsgerigte benadering waarin die doelwit was om veral die Afrikaanssprekende meerderheid in sy eie opvanggebied te bedien en te bemagtig – ‘n gebied waarin reeds drie tersiêre instellings is wat slegs Engels as voertaal aanbied. Tans swig die US se voorheen Afrikaanse institusionele kultuur voor die Engels-dominante kultuur waarvoor voorste dosente in die openbaar kla dat mikroaggressie teen Afrikaanssprekendes op die kampus posgevat het. Dit het vroeg vanjaar beskamend geblyk toe Afrikaanse studente bestraf is omdat hulle in koshuise Afrikaans met mekaar gepraat het, nie die “inklusiewe Engels” wat van hulle vereis is nie. Hieroor is klagtes by die Menseregtekommissie aanhangig gemaak waarvoor nog nie uitsluitel gegee is nie. Anders as met die onlangse persgesig-debakel is tot op hede geen student in die openbaar deur die universiteitsowerhede om verskoning gevra nie. Hierdie gebeurde het aanleiding gegee tot sterk verset vanuit die volle spektrum van die Wes-Kaap se Afrikaanse gemeenskap, onder meer deur ‘n openbare protesoptog.</p> <p>Die afgradering van Afrikaans aan US geskied onder die dekmantel van meertaligheid, wat die gevolg het dat Engels oorheers. Die onderrigaanbod is 100% Engels; Afrikaans word slegs aangebied as die behoefte daarvoor bestaan. Verreweg die meeste lesings geskied in Engels, met ‘n opsomming in Afrikaans wat aan die einde van die lesing aangebied kan word. In lesingsale word studente wat op Afrikaans aandrang sissend stilgemaak.</p> <p>Meertaligheid is bowendien ‘n konsep wat byna sonder uitsondering glad nie toegepas word by die meer as twintig Engelse universiteite in Suid-Afrika nie. Daar is by US nie aansporings om meertaligheid te bevorder deur Afrikaans te bemeester nie. ‘n Taalbeleid wat ‘n eeu lank bekostigbaar en prakties haalbaar was nadat die weldoener Jannie Marais met sy skenking van £100 000 die stigting van die universiteit moontlik gemaak het op voorwaarde dat Hollands (Afrikaans) “geen mindere plaats” moet beklee nie, het skielik onbekostigbaar geword.</p>		
---	--	--

	<p>Onder die voorwendel van meertaligheid het die universiteitsbestuur die indruk gewek dat Afrikaans 'n taal geword het wat in die kombuis hoort, nie in die voorhuis nie. Amptelike verklarings word allereers in Engels uitgereik, dikwels met die stertjie dat 'n Afrikaanse vertaling later volg. Die taalbeleid is in die beheer geplaas van 'n viserektor wat volgens universiteitsbronne nie Afrikaans magtig is nie. In die departement van opvoedkunde wat honderde Afrikaanse onderwysers opgelei het, is 'n professor aangestel wat openlik verklaar dat onderrig op alle vlakke in die land slegs Engels moet wees. Opleiding beteken ook nie noodwendig opvoeding nie, en die Nobelpryswenner JM Coetzee het reeds daarop gewys dat die taalbeleid geen voorsiening vir kultuuroordrag maak nie.</p> <p>In sulke omstandighede is dit geen wonder dat die Afrikaanse studental aan US daal nie. Een van die oorsake kan dalk aan die verminderde aanbod van Afrikaans toegeskryf word. Daarby moet die gehalte van die aanbod ingereken word. Inderdaad het die situasie so sorgwekkend geword dat die onafhanklike, niewinsgewende studenteorganisasie Studenteplein, wat lede in nege US-fakulteite verteenwoordig, begin het om studiemateriaal en tutors aan Afrikaanse studente beskikbaar stel.</p> <p>Gevollik vra sommige ouers en studente hulle reeds af of hulle nog welkom op Stellenbosch is, veral as mikro-aggressie teen Afrikaans hul voorland is. Afrikaanse skole is diep bekommerd oor hul voortbestaan as onderrig in Afrikaans, een van net vier moderne tale wat die hoogste vlak van akademiese en wetenskapstaal bereik het, verder afgegradeer word. Implisiet in die US-voorwaarde oor onderrig in Afrikaans is immers dat dit aangebied sal word solank die behoefte daarvoor bestaan, dus hou dit die moontlikheid in dat Afrikaans heeltemal kan verdwyn.</p> <p>Vir die Helpmekaar het hierdie situasie besliste implikasies, aangesien donateurs die vereiste stel dat slegs studente bygestaan moet word wat in Afrikaans onderrig sal word. As US dan in der waarheid besig is met die versmoring van Afrikaans sal 'n ander uitweg gesoek moet word om Afrikaanse studente by te staan. Reeds is 'n Afrikaanse universiteit, Akademia, deur private inisiatief tot stand gebring. Daar is sprake van ander sodanige inisiatiewe, wat verdere betekenis kry in die lig van hoofregter Mogoeng se pleidooi.</p> <p>By ontvangs van erkenning sal ons graag verneem of die hersiene taalbeleid beoog om voorsiening te maak om onderrig in Afrikaans op gelykwaardige vlak met Engels te herstel al dan nie. Indien daar onder die besluitnemers oor die US-taalbeleid persone is wat nie Afrikaans magtig is nie, is ons bereid om 'n Engelse vertaling te laat doen en te verskaf.</p> <p>Getrou die uwe [persoonlike inligting verwyder]</p>			
A100	Net soos voorheen is isiXhosa moer toe op die margins van julle concerns	2		
A101	<p>[persoonlike inligting verwyder]</p> <p>Geagte, My huidige skrywe sluit aan by my Ope Brief wat ek op 27 Maart 2021 aan Professor Wim de Villiers geskryf het (en wat op 4 April in Rapport gepubliseer is), asook sy antwoord daarop, gedateer 31 Maart 2021. Albei briewe volg hieronder ter insae. (Ek het n verdere persoonlike brief aan Prof. de Villiers geskryf wat nie hierby aangeheg is nie.) Prof. de Villiers wys my daarop dat die landskap in Suid-Afrika sedert my tyd op US verander het. Dit lyk my voor-die-hand liggend, ná n halwe eeu, maar, is nietemin, na my beskeie</p>	1		

<p>mening, nie n regverdiging vir die oorheersing van Engels hetsy in die samelewing of op kampus nie. Inteendeel. As ons ongeveer n verdere half eeu teruggaan beland ons by die tyd van US se stigting, soos algemeen bekend, met fondse – vandag n trust - wat steeds n wesenlike deel uitmaak van US se begroting en wat op voorwaarde van gelykwaardige onderrig in Afrikaans, beskikbaar gestel is.</p> <p>Die redes vir daardie voorwaarde is meervoudig, maar één daarvan was, en bly, die insig dat n noemenswaardige deel van die bevolking die heel beste, en pedagogies verantwoordbaar, via Afrikaans opgevoed sou kon word en tot sy reg sou kon kom en dat daardie deel van die bevolking essensieel is vir die ekonomiese vooruitgang en opbou van die land. Daardie argument bly ná n volle eeu steeds, indien nie méér as ooit, geldig. Suid-Afrika kan nie bekostig om die potensiële breinkrag van Afrikaanssprekendes van alle kleure te verloor nie, veral nie in die huidige klimaat waarin, soos ons almal weet, so baie opgeleide Suid-Afrikaners die land verlaat nie.</p> <p>n Afrikaanse Universiteit moes ook as teenvoeter dien vir n eensydig Engelse (koloniale en imperialistiese !) kultuur en samelewing. Dit was 100 jaar gelede die geval en bly vandag die geval. Bygesê: waar die Britse invloed wêreldwyd en ook in Suid-Afrika afgeneem het, is die plek ingeneem deur Amerika, ten nadeel van n meer multidimensionele en multikulturele beskawing. Hierdie neiging tot n enkelvoudige, in baie gevalle Engelssprekende samelewing, is regressief en word in ander dele van die wêreld op alle terreine teengestaan. Wil Suid-Afrika nou weer eens dekades agter die res van die wêreld wees? Dwarsoor die wêreld, en in die besonder in Suid-Afrika, word luid geraas oor kolonialisme en imperialisme, terwyl n taal wat juis uit eie bodem ontstaan het as teenvoeter vir daardie kolonialisme en intussen tot die hoogste vlak ontwikkel het, vertrap word. Hoe klop dit?</p> <p>Vandag is Vrouedag in Suid-Afrika. (Elders is dit 8 Maart.) Soos in ander demokrasieë is daar lank en hard geveg vir gelyke regte vir vroue – nie alleenlik omdat ons onself beskou as die progressiewe, liberale demokratiese deel van die wêreld nie, maar, soos elders, gewoon pragmaties, omdat die gemeenskap dit nie kan bekostig om vroue se bydrae te minag nie. Dis boonop belangrik om in gedagte te hou: dit gaan nie om persentasies van die bevolking nie, maar wel om die spesifieke en unieke bydrae wat vroue, via n eiesoortige perspektief, in elke sfeer van die samelewing maak. Dieselfde intellektuele, sowel as pragmatiese benadering is van toepassing in die gesprek oor US se taalbeleid.</p> <p>In bogenoemde verband verwys ek graag na n in-diepte verslag wat reeds in 2003 deur UNESCO saamgestel is onder die titel “Language vitality and endangerment”.</p> <p>http://www.ddl.cnrs.fr/colloques/3L_2008/3LCourseMaterial/Language%20Vitality%20and%20Endangerment.pdf</p> <p>Een van die samestellers, Dr Tim Curtis (https://ich.unesco.org/en/news/tim-curtis-the-new-secretary-of-the-2003-convention-00170?newsID=00170), sekretaris verantwoordelik vir “Intangible heritage” by daardie liggaam, het onlangs in privaat gesprekke aan my genoem dat 2019 as die internasionale jaar van taal- en dus kultuur-diversiteit aangewys was en dat die hele huidige dekade intussen toegewy word aan die aanmoediging, verdediging en beskerming van minderheidstale!</p> <p>Sien ook in dié verband die UNESCO “Atlas of endangered languages” en die lansering in 2016 in... Beijing! van “ICT-supported models to access data on linguistic diversity around the world, encourage collaboration among different stakeholders and raise awareness of the</p>	
--	--

<p>importance of linguistic diversity and multilingualism for sustainable and inclusive development.</p> <p>Prof. de Villiers trag om my gerus te stel dat al die reëls en regulasies en voorsorgmaatreëls bestaan vir die behoud van Afrikaans en gaan sover as om aan te dui dat berigte van intimidasie van Afrikaanssprekendes op kampus “karikatuur weergawes is van wat die US Bestuur doen of nalaat om te doen”. Ongelukkig is dit alom bekend dat sodanige “karikatuur weergawes” sedertdien, en tot op hede in die daaglikse ervaring van Afrikaanssprekende studente op kampus, toeneem.</p> <p>Watter sin maak dit om diskriminasie op grond van kleur, geslag of seksualiteit te beveg terwyl diskriminasie op al hierdie gebiede via taal diskriminasie beoefen word?</p> <p>Dit wil voorkom dat daar ywerig lippediens bewys word aan sodanige maatreëls en inderdaad ook aan die progressiewe, internasionaal gerespekteerde Suid-Afrikaanse grondwet wat juis die voordele van die “reënboognasie” met sy pluraliteit beklemtoon en beskerm vir die huidige EN die toekoms! Om reëls en regulasies in te stel is een ding, maar dit is waardeloos as hulle nie gerespekteer en toegepas word nie. Beleid is niks sonder implementasie nie. En dit skyn dat daar, in die praktyk, weinig energie op leiers-vlak aan die dag gelê word ten opsigte van implementasie en, pertinent, om n klimaat en gesindheid van respek te ontwikkel en in stand te hou. Geen wonder dus dat die voordele van meertaligheid en spesifiek van Afrikaans, tragies kortsigtig misken word.</p> <p>As voorbeeld dien die (polities “korrekte”?) aantyinging dat Afrikaans n element van apart-heid onderskraag. Dis n yslike ironie wanneer ons almal van kindsbeen af ervaar dat die gebruik in Suid-Afrika nog altyd was dat wanneer daar één Engelssprekende in die geselskap is, 20 Afrikaanssprekendes beleefd sal oorslaan na Engels en dit nie net in die openbare sfeer nie, maar ook in familie kringe. Dis die groot voordeel van minderheidstale die wêreld oor: ons meertaligheid is n enorme voordeel. Dit maak ons intellektueel aanpasbaarder en linguisties en kultureel ryker, met groter insig tot ander se denkwyses, kultuur en geskiedenis. Om te wil beweer dat “Afrikaans is a hindrance to inclusion” is gewoon absurd.</p> <p>Dit is alom bekend dat een van die heel eerste maatreëls wat oorwinnende magte op inheemse bevolkings afdwing, die onderdrukking van inheemse tale is.</p> <p>Ek wil die aantyinging waag dat die huidige situasie niks anders is nie as propaganda terreur, n “coup d’état” op Afrikaanssprekendes en die Afrikaanse gemeenskap, via die aanslag op ons taal. Diegene wat deel van die aanslag en onderdrukking is, moet asseblief swyg wanneer dit kom by, byvoorbeeld, die beskuldiging dat China die Tibetane en Uighure onderdruk!</p> <p>Wanneer ons steeds dieselfde in die Weste doen, moet ons liever ons monde hou.</p> <p>Die ambisie om, via Engels, van US n “erkende eersterangse universiteit” te maak is ook misplaas en berus op die Brits-Amerikaanse wanopvatting dat alleenlik Engelse universiteite eersterangs kan wees. Dié siening is bekend onder mense wat, hoofsaaklik doodgewoon omdat dit gemaklik is, met albei voete in die Brits-Amerikaanse kultuur-wêreld staan en eersterangse Universiteite in die hele res van die wêreld, gewoon oor die hoof sien. n Verdere ironie is dat die US réeds, sonder Engelstalige oorheersing, n eersterangse universiteit was (en voorlopig bly) wat by die allerbeste ter wêreld kon en kan kers vashou en duisende hoogs gekwalifiseerde burgers in alle dissiplines die gemeenskap ingestuur het.</p> <p>Trouens, dit is inderwaarheid presies die rede waarom hierdie kroonjuweel die hoogs aantreklike teiken vir oorname is!</p> <p>Betreffende die argument dat daar groter aanvraag vir Engels is: wel, dis te verwagte in n essensieel een party (ideologies) beheerde staat, met Engels as “lingua franca”, wat hom ten</p>	
--	--

<p>doel stel om beheer op alle fronte te behou, onder meer juis deur diversiteit te onderdruk, eerder as om dit aan te moedig.</p> <p>Uiteindelik is die groot vraag eenvoudig: Stel die bestuur van Stellenbosch Universiteit homself ten doel om die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap in die kort sowel as langtermyn in al sy diversiteit te dien, tot voordeel van al sy burgers en in landsbelang of word toonaangewende, sleutel persoonlikhede gedryf deur (n skim van) dienstigheid aan 'n tydgenootlike, maar uiteindelik verbygaande politieke bestel?</p> <p>[persoonlike inligting verwyder] NS: Ek sou bereid wees om, op aanvraag, my skrywe na Engels te vertaal. Ek is volkome meertalig.</p> <p>Ope brief aan Professor Wim de Villiers</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p> <p>Lauzerte, 27 Maart, 2021</p> <p>Geagte Professor, Hierdie brief bereik u vanaf Suid-Wes Frankryk waar ek tans woon. Jare gelede het ek n BA graad aan Universiteit Stellenbosch behaal. Dit was nadat ek, as Afrikaanssprekende, onsuksesvol in my eerste jaar aan Wits Universiteit was. Dit ondanks die feit dat ek tweetalig Afrikaans én Engels grootgeword het. My hoofvakke op Stellenbosch was Frans en Duits en n beurs van die Franse regering vir verdere studie aan die Sorbonne, Parys is aan my toegeken. Daar het ek n tweejarige nagraadse diploma verwerf. Ek het ook n honneursgraad van die Universiteit van Suid-Afrika ontvang. My eerste werkseleenthede was as taalkundige by die Wynnavorsingsinstituut op Stellenbosch en daarna by Human & Rousseau uitgewers. Later was ek aanbieder van Perspektief op televisie en Kunsredaktrie van Beeld. Vervolgens het ek in Frankryk, Duitsland, Engeland en België gewoon en gewerk. Ek is intussen vyf tale vlot magtig en het n goeie begrip van n verdere twee. Ek beskou myself as n Afrikaanse wêreldburger, nie net omdat ek tale magtig is nie, maar wel, en dis die sleutel, omdat tale toegang tot mense, kulture en intellekte bied. Die soort toegang wat eentalige mense eenvoudig nie het nie en wat vertalings net in beperkte mate kan besorg. Maar die basis, die soliede basis waarin alles gewortel is, is in eerste instansie moedertaal-onderrig. Ondanks my tweetaligheid kon ek indertyd alleenlik in my moedertaal tot my reg kom. As jong student is nie net n mens se denkpatrone nie, maar jou hele wese, jou selfvertroue en persoonlikheid in jou moedertaal opgesluit. Jou eie taal is die sleutel tot assimilasië van kennis en die aanleer van hoe om n boodskap suksesvol oor te dra. Neem dit weg en jy is n halwe mens. Dis immers wel bekend dat hoogs intelligente mense soos swape kan voorkom wanneer hulle sukkel om hul gedagtes in n ander taal as hul eie om te sit. Die tweede soliede basis waarin my internasionale loopbaan gewortel is, is die feit dat my moedertaal juis Afrikaans was, en steeds bly, moet ek byvoeg. Dit was en bly n voorreg wat ek persoonlik nooit genoeg sal kan beklemtoon nie. Engels is gewis in vandag se wêreld nodig en derhalwe ook geredelik toeganklik. Sekerlik vir</p>		
---	--	--

	<p>Westerlinge. Ek wil byna sê vir elke Jan Rap en sy maat. Maa, hoe meer alles verengels hoe armer, nie hoe ryker nie, word die mensdom. Hoe eensydiger, hoe enkelvoudiger. Daarenteen is om Afrikaans te ken, te verstaan en te kan praat en skryf n voorreg. Dis n unieke taal. n Internasionaal erkende, moderne, inheemse taal, tegelyk Westers én van Afrika. n Brugtaal. n Taal wat, in sy soepelheid en aanpasbaarheid soveel wêreld kultureel en intellektueel bymekaar bring. n Taal wat, met sy besonderse tongval, suiwer fisiologies, die aanleer van ander tale vergemaklik. n Taal wat die Dietse sowel as die Latynse tale, en ek wil selfs byvoeg Oosterse tale, wat hul fonetiese uitspraak met Afrikaans gemeen het, soveel meer toeganklik maak. n Taal wat buitengewoon skeppend is in sy vermoë om nuwe konsepte op te neem en eie te maak in n rykdom van nuwe woorde en outentieke uitdrukkinge – kleurvol sowel as poëties, literêr, intellektueel én wetenskaplik. Dàarom vra ek my af: hoe is dit op Gods aarde moontlik dat intelligente Suid-Afrikaners, in leidende posisies, dié voordele van kennis en toegang tot so n taal as 't ware met die badwater wil uitgooi?</p> <p>Uiteraard ondersteun ek die onlangse petisie in omloop oor die behoud van Afrikaans aan Universiteit Stellenbosch heelhartig en ek het dit onderteken. Maar ek laat klaarblyklik goed gefundeerde pleidooie oor bepalings van die grondwet, sowel as die wetlike en akademiese stawings ten gunste van moedertaal-onderrig aan kundiges op dié gebied oor.</p> <p>Vir my gaan dit om die kulturele verryking en die enorme wye horisonne wat meertaligheid meebring. Weer eens wil ek beklemtoon: dit gaan vir my hier nie om taal as sodanig nie, maar wel om taal as n venster op n ander se wêreld, en met elke nuwe taal n nuwe venster. En nou wil sommiges ons jongmense, Afrikaanstaliges, maar ook al die ander wat dan minstens met Afrikaans en Afrikaanstaliges in eie reg in aanraking kom, daardie voorreg ontnem! Dat studente selfs verbied word om in koshuise en op parkbankies met mekaar Afrikaans te praat is ongehoord, inderdaad krimineel!</p> <p>Nie alleen gaan dit die verstand te bowe nie, ek wil dit eenvoudig nie glo nie. Wat sal toekomstige geslagte van ons intellektuele leiers dink wat n deel van ons unieke rykdom sommer so prysgegee het? En dit boonop in n tyd dat die res van die wêreld juis toenemend die meriete van meertaligheid en kulturele veelvuldigheid erken en onderskraag?</p> <p>Geagte Professor, ek ken u nie, maar vra my af hoe kan en wil u deel wees van n beleid van regressiewe kortsigtigheid?</p> <p>Agtend, die uwe,</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p> <p>Prof de Villiers se terugvoer, gedateer 31 Maart, word hier aangeheg in PDF formaat.</p>			
A102	<p>Let asseblief daarop dat dit oënskynlik onmoontlik is om twee PDF dokumente wat in my brief, gedateer 9 Augustus opgeneem is en wat ek pas op hierdie webblad afgelaai het, in te sluit. [persoonlike inligting verwyder]</p>	2		
A103	<p>Behou Afrikaans op gelyke vlak, veral voorgraads</p>	1	<p>Behou Afrikaans op gelyke vlak met ander tale, veral voorgraads</p>	1
A104	<p>Myns insiens is die huidige en hersiene Taalbeleid bloot verdere pogings om die onmoontlike te verrig. Die beleid is 'pedagogiese onsin' om een beskrywing te gebruik wat ek elders gelees het. Indien die huidige beleidsrigting volgehou word, sal Afrikaans na 'n paar jaar, soos Xhosa tans, bloot op die Universiteit se briefhoofde verskyn. Vra u af: Watter pogings</p>	2		

	<p>word in die Oos-Kaapse universiteite (Fort Hare, Rhodes, Nelson Mandela) om Xhosa tot akademiese taal te verhef. (Let wel: Ek gebruik doelbewus die woord 'Xhosa', en nie 'isiXhosa' nie. As ek in Afrikaans oor sekere Europese tale skryf, gebruik ek immers die woorde 'Duits', 'Frans' en 'Italiaans', nie 'Deutsch', 'Française' of 'Italiano' nie!). Indien die breër Xhosa-sprekende taalgemeenskap nie daarin belangstel om Xhosa tot akademiese taal te verhef nie, waarom ploeter US voort met hierdie skynbeleid?</p> <p>Afrikaanssprekendes (alumni, voornemende studente, akademici en ander belanghebbendes) wat werklik ernstig is oor die behoud van Afrikaans as onderrigtaal op tersiêre vlak moet besef dat daar uiteindelik slegs één uitweg bestaan: 'n Algehele skeiding van die Universiteit in afsonderlike, onafhanklike inrigtings soos wat met die Katholieke Universiteit Leuven / Université catholique de Louvain gebeur het.</p>			
A105	<p>Ek het self al voorgraadse klasse aangebied. Die materiaal was in Engels en Afrikaans beskikbaar - ek het self die vertaling gedoen. My PP-skyfies was alternatief Engels en Afrikaans. As die skyfie in Afrikaans was, het ek in Engels verduidelik en andersom. Dit het blykbaar goed gewerk vir almal. Daar is universiteite wat ALLES in Engels aanbied en dis reg so, want as student het jy 'n keuse. Tussen Engels en Engels met so 'n effense Afrikaanse/Xhosa geurtjie. Daar is reeds twee nagraadse opleidingsentrums wat NET in Afrikaans funksioneer. Maties sal geleidelik sy potensiele Afrikaanse studente na hierdie sentrums verloor, want Afrikaanse studente het nie meer die keuse om by 'n Afrikaanse universiteit te studeer nie. Hoe jammer tog!</p>	2	<p>Paragraaf 7.1 het betrekking. Die keuse om werkstukke in die taal van jou keuse te skryf, behoort op alle vlakke, dus voor- en nagraads te geld. Ek beoog om vir 'n PhD in te skryf, maar een van die goed wat my tot dusver gekeer het, is die feit dat my verhandeling in Engels moet wees. Dit, ten spyte van die feit dat die ATKV ruim sal bydra indien my verhandeling in Afrikaans is. En waar gaan ek die univestiteit kry wat my daardie kans sal gun? Dalk moet ek maar by Nederland inskryf!</p>	1
A106	<p>Ek vereis die volgende 6 wysigings om aan Afrikaans gelyke aansien aan die US te gee:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Voeg 'n nuwe beleidsbeginsel by wat voorsiening maak vir gelyke aansien vir Afrikaans en Engels. 2. Meld uitdruklik dat die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3 – naamlik parallelmediumklasse – die voorkeuropisie is vir alle voorgraadse lesings waar dit prakties moontlik is. 3. Verander die bepalinge in 7.1.4.3 en 7.1.5.2 sodat tolkdienste in gelyke mate beskikbaar gemaak word aan beide Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente tydens dubbelmedium- en enkelmediumlesings. Die diens kan steeds gestaak word indien daar twee weke verloop sonder dat dit gebruik word. Verwyder ook die beperking van “redelikerwys uitvoerbaar” in 7.1.5.2 (b). 4. Bo en behalwe 'n gelykmatige reg op tolkdienste vir Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente, behoort die bepalinge in 7.1.4.3 ook groter vryheid om te kies bewerkstellig, en duidelike definisies verskaf vir die begrippe “opgesom en “beklemtoon.” 5. Maak dit uitdruklik duidelik dat geen persoon onder enige omstandighede verbied kan word om die taal van hul eie keuse te praat nie. 6. Onderneem om strategiese fondsinsameling te doen om die aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog op dieselfde wyse wat die universiteit reeds strategiese fondsinsameling doen om nuwe geboue te bou en die diversiteit van akademiese- en navorsingspersoneel te verhoog. 	1	<p>Voeg punt 6.4 by:</p> <p>6.4 Weens hul status as die US se primêre leer- en onderrigtaale, geniet Afrikaans en Engels gelyke aansien. Wysig 7.1.3 om as volg te lees:</p> <p>7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, is parallelmediumlesings die voorkeuropisie en geld die volgende:</p> <p>Wysig 7.1.4.3 om as volg te lees:</p> <p>7.1.4.3 Vir voorgraadse modules stel die US gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). 'n Opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing sal voorsien word, sowel as die intydse tolking daarvan indien tolking aanlyn geskied het. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in 'n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>Wysig 7.1.5.2 om as volg te lees:</p> <p>(a) Die US stel gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien tolking aanlyn gedoen is). Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in 'n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.</p> <p>(b) Benewens lesings word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.</p> <p>Wysig 7.1.4.1 om as volg te lees::</p>	1

			<p>7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Afrikaans of Engels oorgedra. As die lesing hoofsaaklik in Engels geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Afrikaans. As die lesing hoofsaaklik in Afrikaans geskied, word die inhoud ook deeglik opgesom en beklemtoon in Engels. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.</p> <p>Wysig 13 deur 'n addisionele definisie by te voeg: 13. Woordelys van Terme en Afkortings Deeglike opsomming en beklemtoning: 'n Breedvoerige samevatting van alle tersaaklike inhoud tydens dubbelmediumlesings wat tolking genoegsaam aanvul dat studente wat van tolkdienste gebruik maak nie benadeel word nie.</p> <p>Wysig 7.2.2 om as volg te lees: 7.2.2 Die voertaal of -tale by interne vergaderings moet daarop gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Wysig 7.2.5 om as volg te lees: 7.2.5 In Studentegemeenskappe word taal op 'n wyse gebruik wat verseker dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, almal ingesluit word en kan deelneem, en dat geen persoon verhoed word om die taal van hul eie keuse te gebruik nie.</p> <p>Voeg punt 7.5.7 by: 7.5.7 Die US is daartoe verbind om meer strategiese fondsinsameling te doen van fondse wat spesifiek geoormerk is om die meertalige aanbod van meertalige leer en onderrig in Afrikaans en isiXhosa te verhoog.</p>	
A107	Behou en BESKERM AFRIKAANS as voertaal ten minste voorgraads en wees opreg. Soos sake nou staan het u die steun van en assosiasie met die Afrikaanssprekende maatskappy verloor. Is dit nog vir u belangrik? Doen liever weg met die woordvloed propaganda en oogverblindery vir veeltaligheid. Engelssprekende studente stel nie belang in veeltaligheid nie. Dit irriteer hulle. Dit is nou eenmaal die Britse koloniale tradisie en die Engelse dominansie as internasioanke taal is 'die direkte produk daarvan. Moet Afrikaanse rassisme nou vervang word met Engelse rassisme? Buitendien, meer tale in dieselfde klas werk nie en die topbestuur behoort dit te weet. Wanneer was hulle laas in 'n klaskamer? Afrikaanssprekendes gaan ook nie daarop aandring nie. Wie stel belang in die krummels? Dit maak onmiddellik van jou 'n ondergeskikte. 'n bedelaar.	2	<p>Paragraaf 7.1.3.1/ 7.1.4.1</p> <p>Hierdie paragrawe met die voorwaarde dat die toegewings "redelikerwys" moontlik moet wees, reduseer alles tot iets subjektief, en dus waardeloos. U moet nie u gehoor onderskat nie.</p>	1
A108			<p>7.SPESIFIEKE KOMMENTAAR 7. SPESIFIEKE KOMMENTAAR 7.1 Die weglating van Art. 6 van die Grondwet wat handel oor die status van die RSA se amptelike tale word as ernstige leemte in die hersiene Beleidstuk beskou. Teen die agtergrond van die oorheersing van Engelstaligheid moet daar betekenisvolle funksies vir Afrikaans binne die bepalinge van Art. 6 gevestig word. 7.2 Ten einde die mikroaggressiwiteit teenoor, en eweknie druk op, Afrikaanssprekendes uit te skakel behoort daar erkenning en/of 'n beloning aan studente gegee te word wat verkies om in hul moedertaal onderrig te ontvang. 7.3 Maak voorsiening en handhaaf 'n fyn balans met die aanstelling van Afrikaansmagtige</p>	1

			dosente en personeel en koördineer die prosesse wel deeglik. [persoonlike inligting verwyder]	
A109	<p>KOMMENTAAR OP US SE TWEEDE HERSIENE TAALBELEID [persoonlike inligting verwyder] KOMMENTAAR OP US SE TWEEDE KONSEP HERSIENE TAALBELEID</p> <p>1. ALGEMEEN</p> <p>Die [persoonlike inligting verwyder] het met groot teleurstelling kennis geneem van die Tweede Konsep Weergawe van die Raad en Senaat om slegs kosmetiese aanpassings te maak van die kern aspekte van die meeste van die voorleggings wat gemaak is en/of voorstelle bloot te ignoreer. Geen wesentlike veranderings is aangebring nie. Die besluit om Engels die primêre taal oor die volgende vyf jaar by die US te maak word dus verder geïnstibutionaliseer.</p> <p>Die eerste aspek wat opval is dat die Viserektor: Leer en Onderrig, Prof Deresh Ramjugernath, wie met die groot respek, seker weinig of geen aanvoeling vir die Afrikaanse taal en kultuur het nie, aangewys is as die "Eienaar van die Beleid". Dit gaan nie hier oor ras nie maar daar moet tog sekerlik verskeie Bruin of Wit Afrikaanssprekende persone wees wat meer geskik is hiervoor?</p> <p>Die kern van die Beleid verwoord hoofsaaklik 'n "nuwe etos en waardes" waarna daar inkrementeel, oor die jongste byna 'n dekade onder die nuwe Bestuur, heen beweeg is en soos reeds voorheen uitgewys word die US se tradisionele Institusionele Geheue, Institusionele Gewete en Institusionele Integriteit totaal gesystap en uitgerangeer.</p> <p>Vir die vorming van die volledig opgevoede mens speel sy/haar kultuur, waarvan taal die hoofkomponent is, 'n uiters belangrike rol. Hierdie reg word in die Grondwet verskans. Die etos en waardes wat oor bykans 'n eeu by die US ontwikkel en gevorm is, kan nie sonder meer oorboord gegooi word nie. Volgens James Collins en Jerry Porras in hul boek, "Built to Last", wie 'n studie gemaak het van die sukses gewoontes van visionêre ondernemings, insluitende universiteite, wat reeds 100 tot 150 jaar oorleef het, is die volgende stelling waar:</p> <p>" In a visionary company (ook 'n universiteit), the core values need no rational or external justification. Nor do they sway with trends and fads of the day. Nor even do they shift in response to changing market conditions."</p> <p>Die huidige generasie Bestuur (rektoraat), dosente en studente, wat teen die agtergrond van 100 jaar, vir 'n relatief kort periode by die US betrokke is, se behoeftes, waardes en sienings kan nie swaarder weeg as die langtermyn belange van die US as 'n tradisionele Afrikaanse organisasie en al die ander rolspelers daarmee saam nie.</p> <p>Indien 'n kleiner taal voortdurend erodeer word, sal dit later deur die oorheersende taal (Engels) vervang word. Wanneer die taal uitsterf, sterf die taalgemeenskap wat dit gebruik saam daarmee uit. Dit bring op die langtermyn mee dat Afrikaans as akademiese net na 'n huistaal afgerangeer gaan word.</p> <p>Die bewerings dat ouers en studente onderrig in Engels verkies, is bloot net nie waar nie. 'n Goed beplande strategie, deur behoorlike voorligting, behoort hierdie wanpersepsie by hulle om te keer. Wat het die US gedoen om die oorweldigende bewyse van die voordele van moedertaalonderrig onder potensieël Afrikaanssprekendes se aandag te bring?</p> <p>Die RSA is uniek in die wêreld met 'n kaleidoskoop en 'n diversiteit van tale, kulture en godsdienste. Enige pogings om hierdie diverse tale en kulture in een Engelse potjiekosmengsel te laat opgaan, is gewoon oor die langer termyn nie in belang van die Afrikaanssprekende gemeenskap en ook nie haalbaar nie.</p>	1		

	<p>Dit is ons beskeie mening dat die kwessie van 'n geskikte, vir almal aanvaarbare Taalbeleid vir die US, baie meer kompleks is as wat tans besef word en verg verdere diepgaande navorsing en raadpleging voordat verder daaraan verander word.</p> <p>Hoewel die drie amptelike Wes-Kaap tale as riglyn gebruik word en in 'n geringe mate voorsiening gemaak word vir Afrikaans- en Xhosa-sprekende studente as primêre teikengroepe is ons van mening dat om ook voorsiening te wil maak vir studente uit die buiteland nie gepas is nie. Die Visie en doelstellings van die US behoort op die Wes-Kaap te fokus. Daar is genoeg ander universiteite in die RSA wat aan hierdie behoeftes kan voldoen. Daar word dus 'n ernstige beroep op die US gedoen om sy tradisionele Institusionele Geheue, Institusionele Gewete en Institusionele Integriteit deurgaans in ag te neem met veranderings aan die Taalbeleid tot die nadeel van Afrikaans.</p> <p>2. AFRIKAANS AS INHEEMSE TAAL</p> <p>Die vertoë wat die US gerig het en sy verbintenisse om die definisie van inheemse tale te laat wysig om Afrikaans en die Khoi en San tale daarby in te sluit word sterk ondersteun.</p> <p>3. REDERLIKWYS UITVOERBAAR.</p> <p>Die kwalifisering van die beleid met die woorde "rederlikerwys uitvoerbaar" is 'n bron van ernstige kommer. Dit kan as 'n skuiwergat gebruik word om goedsmoeds van die hersiene taalbeleid af te wyk.</p> <p>4. VERDERE AFBOUING VAN AFRIKAANS</p> <p>Die 2016-taalbeleid en die eerste konsep dokument oor die hersiene taalbeleid kom in die praktyk daarop neer dat onderrig in Afrikaans inkrementeel verder afgeskaal en verswak gaan word.</p> <p>Van vorige beloftes dat Afrikaans en Engels gelyke status sou geniet word nou verdoesel met die speel van woorde soos "gelyke agting". Indien dit so is moet dit ook in lesings in die klaskamer gedoen word en nie net bly by lippetaal nie.</p> <p>5. INVLOED VAN TOPBESTUUR/REKTORAAT</p> <p>Die leierskap en invloed van die Hoof- uitvoerende beampte (rektor) en voorsitter (kanselier) speel onteenseglik 'n deurslaggewende rol in die rigting en funksionering van die US.</p> <p>Dit blyk dat die visie van die huidige Rektor die internasionalisering van die US is en dat die Voorsitter en Raad hierdie inkrementele klemverskuiwing in die tradisionele visie, etos en waardes van die US siender oë toegelaat het.</p> <p>'n Ernstige beroep word op die Raad en Senaat gedoen om verkieslik weer terug te keer na die oorspronklike waardes en doelstellings en in gelyke mate te fokus op die Wes-Kaap se mense as voedingsbron vir nuwe studente.</p> <p>Hiervoor is 'n diepte ondersoek na die Toelatingsbeleid en die koördinering daarvan 'n voorvereiste.</p> <p>6. STELLENBOSCH DIE BAKERMAT VAN AFRIKAANS</p> <p>Dit is ironies dat 'n buitestaander, by name Dr Darryl David, by Unesco aansoek gedoen het om Stellenbosch as die Afrikaanse dorp van letterkunde verklaar te kry en dat die US terselfdertyd besig is om Afrikaans as vaktaal stelselmatig af te water. Weer 'n geval van waar 'n profeet die in sy eie land geëer word nie!</p>		
A110		Hier bydrae is afkomstig vanaf die burgerlike organisasie, [persoonlike inligting verwyder] en is gelaai deur die [persoonlike inligting verwyder]	1

		<ol style="list-style-type: none">1. Daar word steeds nie in die Konsepbeleid na Afrikaans as 'n "Inheemse Taal" verwys nie. (Sien Punte 7.5.2; 7.5.4 en 7.5.4).2. Die Departement van Hoër Onderwys (DHO) se definisie van "Indigenous Language" (inheemse tale). Sien definisie in Glossarium. Volgens hierdie definisie verwys inheemse tale slegs na die met hul wortels in Afrika en die Suid Bantoe-tale. Vorm die kern van hul argument in DHO se Taalbeleid Raamwerk. Ons argumenteer dat Afrikaans Afrika wortels het en haar ontstaan is lank voor Kolonialisme. Die kwessie van Kreolisering en vermenging is tersaaklik. Afrikaans is nie slegs 'n Suid- Afrikaanse taal nie, maar Suider-Afrikaans en 'n volwaardige Afrika-taal.3. Die feit dat US Afrikaans as inheems wil erken, handhaaf en behou, is dit institusioneel en vir alle praktiese doeleindes onmoontlik. Die US het sigself reeds verbind tot die DHO se Taalbeleidsraamwerk wat taalgebruik aan Gevorderde Onderwysinstellings reël. Alle universiteite is ook tot die DHO se omskrywings en bepalings rakende Taal verbind.3. Die talle verwysings na "waar redelik uitvoerbaar" is ons insiens 'n "voorbehoudsbepaling" en 'n "ontsnaproete" om van die hersiene Taalbeleid af te wyk. Hiervolgens sal leermateriaal vir voorgraadse modules in Engels voorsien word, en ook in Afrikaans "waar dit redelikerwys uitvoerbaar is". Soos in die Eerste Konseptaalbeleid, is daar geen definisie vir hierdie premiese nie. Luidens die meegaande Konteksdokument, is die term "redelikerwys uitvoerbaar" tans "vatbaar vir vertolking".4. Die Taakgroep verantwoordelik vir die opstel van die hersiene Taalbeleid kan nie 'n presiese omskrywing bewoord nie omdat die betekenis van die beginsels en bepalings van die Taalbeleid bepaal sal moet word.5. Aparte voorgraadse klasse sal in Engels en Afrikaans aangebied word "waar dit redelikerwys uitvoerbaar" en "pedagogies verantwoordbaar" is om meer as een klasgroep te hê. Die term "pedagogies verantwoordbaar" skep ook verwarring vanweë die gebrek aan 'n vaste omskrywing of definisie.6. In die geval waar tolking aangebied word om die doel onder punt 5 gemeld, te realiseer, moet sodanige tolking deur studente binne twee weke van insepisie benut word. Indien nie, behou die US die prerogatief om die diens op te kort. Die vraag is: hoe is hierdie tydsgleuf vasgestel, arbitrêr of in konsultasie met belanghebbendes? Is faktore, veral eksterne faktore, wat 'n vertraging in die proses mag veroorsaak in ag geneem?7. 'n Wesenlike beswaar wat ons opper is die feit dat vraestelle in nagraadse modules slegs in minstens Engels beskikbaar is. Sekere modules, assesserings en ander geskrewe werk mag in Afrikaans of Xhosa ingelewer word, maar slegs met 'n vooraf reëling met die betrokke dosent. Verder word die saak gekompliseer indien die dosent nie vaardig in die taal is nie. Dit is hier waar ons sterk aanbeveel dat dosente wat die betrokke tale magtig is, onverwyld aangestel word.8. DAK Netwerk bespeur ook die doelbewuste verskraling en afskaling van Afrikaans sedert die Eerste Taalbeleid van 2016 sowel as die Eerste Konseptdokument van die Hersiene Beleid.9. Derhalwe dring ons sterk daarop aan dat Afrikaans sowel as Engels in hierdie verband gelyke status én behandeling verkry.10. Die Taakgroep skryf in die Konseptdokument dat hulle die begrippe "gelyke behandeling", "gelyke status", en "gelyke agting" van die tale bespreek het. Verder het hulle nagedink oor hoe dit by die Tweede Konseptdokument ingewerk kan word. DAK Netwerk wens daarop te
--	--	--

			<p>verwys dat genoemde begrippe in die Suid-Afrikaanse Grondwet (Sien Hoofstuk 1, sub paragrawe 1 tot 7, sowel as Hoofstuk 2, onder die Handves van Menseregte, sub paragrawe 30 en 31) en die wyse waarop daar praktiese uitvoering hieraan gegee moet word, baie duidelik uitgespel word.</p> <p>11. In die Eerste Konsep Taalbeleid word dit reeds vermeld dat Afrikaans 'n ONTWIKKELDE AKADEMIESE TAAL is.</p>	
A111	Afrikaans	2		
A112	<p>Hierdie kommentaar word namens [persoonlike inligting verwyder], 'n studenteorganisasie wat in belang van Afrikaanse studente op SU optree, gelewer. Dit is ons mening dat die verbintenis tot meertaligheid slegs in nie-operasionele bepalinge manifesteer en gevolglik niks gaan verander aan Afrikaanse studente se realiteit op kampus en in klasse nie.</p> <p>Normatiewe en akademiese verduidelikings van die belang van meertaligheid in die tweede konsepbeleid skep bloot meertalige verbintenisse in die abstrak. Wanneer dit by die operasionele, praktiese bepalinge oor die toepassing van die taalbeleid in klasse en koshuise kom, het bykans niks verander vergeleke met die huidige 2016-taalbeleid nie. Die 2016-taalbeleid het op 'n skadelike wyse Afrikaans in klasruimtes laat verdwyn en in sommige gevalle tot 'n verbod op die gebruik van Afrikaans gelei.</p> <p>Verder vind ons dat die ervarings van Afrikaanse studente dikwels sinoniem is met dwang om na Engels oor te skakel, vrees om Afrikaans in klasse en leefruimtes te gebruik, en 'n ontegenwoordige optrede van fakulteite wanneer dit by die gebruik van Afrikaans kom. Die mees onlangse konsepbeleid sal niks in hierdie opsig verander nie; terwyl Engelse aanbod deurgaans gewaarborg word, is daar steeds geen waarborg vir Afrikaans en geen verbintenis tot volwaardige Afrikaanse aanbod in klasse nie.</p> <p>Die 2016-beleid en die taalimplementeringsmeganismes wat daardeur in die lewe geroep is, het die effek in praktyk dat die bykans algehele verdwyning van Afrikaans by die US doeltreffend deur burokratiese verslagdoening en omslagtige klagteprosedures verdoes kan word, wat studente ontmoedig om hul misnoeë bekend te maak. In dié opsig is die nuwe konsepbeleid ook gebrekkig omdat dit nie voorsiening vir proaktiewe meganismes maak om pedagogiese behoeftes sinvol aan te spreek nie. [persoonlike inligting verwyder] het self op grond van peilings en ander data breedvoerige voorstelle vir die proaktiewe hantering van taalbehoefte in die kommentaar op die eerste konsepbeleid gemaak. Ons is daarom teleurgesteld dat niks hiervan manifesteer in die tweede konsepbeleid nie.</p> <p>Sedert die 2016-taalbeleid aanvaar is, het die sistemiese en doelbewuste onsekerheid van die kwaliteit en kwantiteit Afrikaanse aanbod regstreeks tot 'n merkbare afname in die aanvraag na Afrikaanse studiemateriaal gelei. Gekoppel met die taalbeleid se onvermoë om Afrikaansmagtige doseerpersoneel-aanstellings te verseker (veral personeel wat ook met die Afrikaanse variante van die Kaapprovinsies vertrou is) en die US-bestuur se doelbewuste werwing van Engelssprekende studente uit Engelssprekende, bevoorregte gemeenskappe in Suid-Afrika, het die US-bestuur self die toestande bewimpel wat akademiese Afrikaans aftakel.</p> <p>[persoonlike inligting verwyder] merk op dat die spyker in die doodskis operasionele bepalinge is wat die Afrikaanse aanbod se voortbestaan as "keuse" van die studenteliggaam voorhou, terwyl die US-bestuur goed weet dat daar geen vrye keuse onder dié omstandighede ter sprake kan wees nie.</p> <p>Ons glo dat operasionele bepalinge wat ernstig oor akademiese veeltaligheid met inbegrip van Afrikaans is, moet:</p>	1	<p>Daar is geen wesenlike veranderinge aan die operasionele bepalinge in kousule 7 gemaak nie. [persoonlike inligting verwyder] vra daarom dat daar weer verwys word na ons kommentaar op kousule 7 in die eerste konsepbeleid.</p>	1

	<ul style="list-style-type: none"> • Afrikaansmagtige dosente uit plaaslike gemeenskappe aanstel en jong akademici van hierdie kaliber ontwikkel; • Veeltalige studies en navorsingsuitsette beloon en aanmoedig; • Nagraadse verhandelinge in institusionele tale buiten Engels spesifiek beloon en aanmoedig; • Positieweiteit in voor- en nagraadse klasse rondom veeltalige akademiese opleiding laat heers; • Op veeltalige senior studente staatmaak om 'n groter rol in die leer en onderrig van nuweling te speel; • Parallelmedium-onderrig vanuit 'n herwaardering vir die maatskaplike geregtigheid laat groei, wat deur moedertaalonderrig meegebring word. <p>Hoewel die mooipraatjies oor veeltaligheid en taalpositieweiteit in die aanhef van die konseptaalbeleid 'n belangrike progressie is, beteken dit niks indien daar geen verbintenis tot die opleiding van studenteiers is om die miskennings van taalregte, soos deur studentegemeenskappe in 2021 beleef is, te identifiseer en te vermy nie.</p> <p>[persoonlike inligting verwyder] meen dat personeel en studenteierskap proaktief tot veeltaligheid verbind moet wees en die beste praktyke moet aanleer waarvolgens die veeltalige studenteiers geniet kan word. Daadwerklike gevolge moet uitgestippel wees indien US-amptenare, insluitend studenteiers, versuim om taalregte proaktief te erken.</p>			
A113	<p>Behou asb AFRIKAANS as hooftaal in lesings lokale. Daar is genoeg ander Engelse universiteite in die Weskaap. Prof. Botma het destyds AFRIKAANS behou as toevoertaal omdat die meeste studente in die Weskaap van die platteland af kom. My twee kinders het ook klaar hul Bsc. grade voltooi by US. Hulle lesings was alles in AFRIKAANS. Engels sprekende studente het nie gekla nie. Studente wat so altyd betoog " AFRIKAANS MUST FALL ", kan by die ander Engelse universiteite in die Weskaap gaan studeer. Die US - raad moet ophou om altyd die betogers hulle sin te gee. My leuse is : jy gaan universiteit om te studeer, nie om te gaan betoog nie. Behou AFRIKAANS as hooftaal in die lesings lokale asb. Prof. Slim Wim , jy en die US - raad moet julle koppe laat lees. Ek het familie in Australia wat graag by US wil kom studeer en hul lesings in AFRIKAANS wil ontvang, want hulle huistaal is AFRIKAANS. Soos dinge nou lyk by US, twyfel ek of hulle na US toe sal kom.</p> <p>Groete.</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p>	2	Behou AFRIKAANS . Los ons mooi taal uit. Hoe gaan jy in Engels vertaal : "Die magistraat se MOER". AFRIKAANS is so 'n mooi TAAL!!!!!!!	2
A114	<p>As afrikaanssprekende [persoonlike inligting verwyder] is ek erg beswaard oor die prosesmatige en inhoudelike van die taalbeleid. Vir my is die proses onregmatig en onaanvaarbaar. Ek sou wou sien dat die inset van alumni wesenlik in ag geneem word aangesien hulle substantief bygedra het in die verlede om US uit te bou tot waar dit vandag is.</p> <p>Tweedens inhoudelik. vir my duidelik dat die praktiese ervaring van die huidige taalbeleid afrikaans uit die klas gehaal het ten gunste van engels terwyl die voedingsare, die Weskaap, oorwegend afrikaanssprekend is. Voorheen benadeelde afrikaanssprekendes word nou verder hulle grondwetlike regte ontnem. Volgens my skend die konsep-taalbeleid die taalklousules van die Grondwet (gelyke status, en onderrig in keusetaal), is vaag en sonder duidelike riglyne en waarborge, is vatbaar vir willekeurige interpretasie, wentel interpretasie en</p>	2	Dis die komitee se verantwoordelikheid om die taalbeleid te verwoord op 'n verantwoordelike en werklik inklusiewe wyse wat ons konstitusionele regte en die geskiedenis van US as afrikaanse universiteit eer aandoen en ook uit te brei om voedingsare taalbehoefte aan te spreek sonder benadeling van 'n ryk afrikaanse bydrae.	1

	<p>besluitnemingsbevoegdheid af na fakulteitsvlak, en is 'n eenrigtingstraat vir volledige verengelsing. Die risiko lê in wat NIE in die konsep-taalbeleid staan nie, naamlik pro-aktiewe beskerming van afrikaanses om in hulle taal te studeer.</p> <p>Verder ondersteun ek die insette van verskeie instansies soos Afriforum en die FW de Klerk Stigting rakende hul insette.</p>			
A115	<p>KOMMENTAAR VAN DIE [persoonlike inligting verwyder] OP DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH SE TWEDE KONSEPWEERGAWE VAN DIE UNIVERSITEIT SE TAALBELEID</p> <p>Algemene inleidende kommentaar: Op 14 Augustus is dit jaarliks Afrikaanse Taaldag en word dit herdenk as die geboortedag van Afrikaans want op die datum op 14 Augustus 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) te Paarl gestig. Derhalwe is Afrikaans vanjaar op dié datum 146 jaar oud. In die tydperk is Afrikaans uitgenrei tot akademiese en wetenskapstaal wat volgens Prof Wannie Carstens, bekende taalkundige, een van vyf vereistes vir oorlewing van enige taal is.</p> <p>Dit is daarom terselfdertyd tragies en ironies dat 14 Augustus 2021 aangedui word as die laaste dag waarop mense kommentaar kan lewer op die tweede konsep-weergawe van die Universiteit van Stellenbosch se taalbeleid. Die Beleid (volgens die inleidende gedeelte) beoog "om billike toegang tot die Universiteit van Stellenbosch vir alle studente en personeellede uit te brei, meertaligheid én waardering vir meertaligheid te bevorder, en pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer." Meer oor die taalhersieningsproses kan hier uitgevind word. Die indieningsportaal vir openbare kommentaarbydrae kan hier gevind word.</p> <p>Die konsep taalbeleid kan egter nie in isolasie gesien word nie. Die Universiteit van Stellenbosch is reeds vir 'n aantal jare gemoed met die definiëring en aanvaarding van 'n taalbeleid wat onderrig aanbetref. In die tydperk het die bestuur van die Universiteit van Stellenbosch, waarskynlik onder politieke druk maar ook vir politieke korrektheid, die afskaling van Afrikaans verdoesel onder die dekmantel van allerlei modelle en opsies wat aangebied is. Die praktyk het egter bewys dat Afrikaans se status as akademiese en wetenskapstaal aan die Universiteit van Stellenbosch erg verskraal het. Ten spyte van talle versekerings wat gegee is, is dié Universiteit van Stellenbosch nou oorwegend Engels en moet Afrikaans stoei om 'n plek te vind. Dit skep gevolglik onsekerheid en ook veral onrustigheid by studente en ouers en veral ook alumni, aangesien die verwarring toelaat dat die praktyk die taalbeleid vorm en vestig, en nie die mooi klinkende raadsaal teorie van beleid nie.</p> <p>Die geskiedenis sal die Universiteit van Stellenbosch nie gunstig beoordeel vir die versaking van sy morele verpligting teenoor Afrikaans op nasionale vlak, maar veral op provinsiale vlak nie. Die Wes-Kaap se demografie word sedert die verengelsing van die Universiteit van Stellenbosch nie in ag geneem nie. Vir die rekord moet bevestig word dat 49,6% van die</p>	1	<p>Spesifieke kwessies in die Aanhef tot die Taalbeleid</p> <p>1) Die Aanhef bevat wel belangrike en selfs belowende verbintenisse. Die waarde van veeltaligheid vir die akademie word ingesien en is daar tot 'n mate 'n verbintenis by die diskoers oor veeltaligheid as werkbare en waardige alternatief as Engelse eentaligheid.</p> <p>2) Daar was 'n belangrike klemverskuiwing in die taalstryd van 2021. Die klem het ons insiens geskuif van die stryd vanaf die behoud van Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch en die voordele van moedertaalonderrig, na 'n ander en meer belangrike vraag oor die oorheersing van Engels. Laasgenoemde was die gevolg van die aandrang op dekoloniserings, en die betekenis daarvan vir plaaslike taalskatte soos Afrikaans. Hierdie klemverskuiwing figureer nie in die Aanhef nie.</p> <p>3) Engels se dominansie en oorheersing word geïgnoreer en selfs aangemoedig deur die Beleid se skynbare aanvaarding dat mense vrye taalkeuses kan maak.</p> <p>4) In Klousule 2 rondom die 'Meertalige konteks': is na ons mening 'n belangrike ontwikkeling naamlik die erkenning van Afrikaans se internasionaliseringswaarde." "Afrikaans is 'n internasionaal gerekende taal wat oor verskeie dissiplines heen 'n aansienlike akademiese repertoire ontwikkel het, waartoe die US beduidend bygedra het. Die toepassing en verryking van die akademiese waarde van Afrikaans is 'n manier om 'n groot en diverse gemeenskap te bemagtig. Vaardigheid in Afrikaans ondersteun ook internasionalisering omdat dit 'n geleentheid skep vir leer en navorsing met van die Universiteit se standvastigste [sic] akademiese vennootskappe in Nederland en België." (Eie beklemtoning</p> <p>5) Ons sien wel 'n belangrike ontwikkeling in die verbintenis tot "aktiewe" aanmoediging van meertaligheid, ook individuele meertaligheid. Veral merkbaar is ook die aanvaarding van sogenaamde transtaligheid as tegniek om meer as net een taal (soos Engels) in die leer- en leefomgewing van die US aan te wend. Paragraaf 7 van Klousule 2 openbaar 'n nuutgevonde waardering vir meertaligheid as samelewingsienskap en toon die waarde daarvan om "afgeronde individue" aan die US te help koester. Samevattend skep Klousule 2 'n verbintenis tot 'n taalpositiese omgewing op grond van die US se teenwoordigheid binne 'n meertalige konteks.</p> <p>6) . Klousule 5 handel oor die Mikpunte van die konseptaalbeleid op. Onder hierdie mikpunte by Klousule 5.5 verskyn die belangrike doelwit om: "...individuele en institusionele meertaligheid as 'n belangrike kenmerk van die US te bevorder ten opsigte van hoe die Universiteit funksioneer, hoe studente leer, en die gedifferensieerde graduandi-eienskappe wat in akademiese programme en ko-kurrikulêre aktiwiteite ontwikkel word."</p>	1

<p>Wes-Kaap se inwoners Afrikaans is, teenoor 24,7% isiXhosa en 20,2% Engels.</p> <p>Vir politieke korrekte argumente word dit telkens gestel dat Afrikaans 'n uitsluitende taal is. Deur Afrikaans kan die poorte van Suid-Afrika en Afrika egter ontsluit word, en dit is 'n gulde geleentheid wat stadig maar seker uit die bestuur van die Universiteit van Stellenbosch se hande gly.</p> <p>Dit strek 'n universiteit met die kaliber van die Universiteit van Stellenbosch, sy bestuur en sy ryke tradisie tot die bevordering van Afrikaans, nie tot eer dat daar nie met kreatiwiteit en respek vir die Wes-Kaap en sy rol in Afrikaans, opgetree is nie.</p> <p>Ons lewer dan graag op die volgende tegniese aspekte tweede konsep-weergawe van die Universiteit van Stellenbosch se taalbeleid.meer volledig kommentaar;</p> <p>Die Beleid bestaan ook, soos die eerste konseptaalbeleid ('eerste konsep') en die 2016 Taalbeleid ('die 2016 beleid') vir ontledingsdoeleindes uit twee hoof dele. Die eerste is die Aanhef (Klousules 1 tot 6) en die ander is die operasionele bepalings (Klousules 7 tot 11). Die oorblywende Klousules bevat begripsomskrywings en bronmateriaal</p>	<p>7) Wat wel problematies bly, is die volgehoue uitlating van die Artikel 6 van die Grondwet, die taalklousule, uit die Beleid. Die Artikel verleen aan Afrikaans amptelike status saam met 10 ander tale. Om dit uit te laat uit die beleid moet bevestigte word omdat die Grondwet se Artikels 29 (taal in onderwys) en 9 (die reg tot gelykheid) wel ingesluit word in die taalbeleid. Dit wil dus lyk asof die Grondwet selektief ingespan word. 'n Volledige opweging en akkommodering van grondwetlike oogmerke in enige taalbeleid en veral sonder verwysing na Artikel 6 kan nie behoorlik plaasvind nie. Artikel 6(2) lê bepaalde pligte op staatsorgane, ook universiteite, om positiewe stappe te neem ten einde taalstatus en aanwending van inheemse tale te verhoog en aan te moedig. Selfs al was Afrikaans nie 'n inheemse taal nie, plaas Artikel 6(2) 'n baie meer omvangryke plig op die US ook wat Xhosa aanbetref.</p> <p>8) In die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondewysinstellings (2020) is Afrikaans en die Khoisan-tale uiters kontroversieel en hoogs onwetenskaplik uit die omskrywing van "inheemse taal" verwyder. Dit word dus bevestigte waarom die US-bestuur blykbaar gemaklik is om die konsepbeleid aan te bied en nog steeds hierdie uitsluitende definisie te gebruik. Klousule 5.2 gee steeds uitvoering aan die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondewysinstellings (2020 en die omskrywing verskyn nog steeds in die konseptaalbeleid se lys begripsomskrywings.</p> <p>9) Wat die meertalige leeraanbod betref, moet ons verwys na Klousules 6.9 en 6.10 van die Beleid. Dit is reeds erg problematies en gaan voort om verwarring te vestig aangesien die meertalige leeraanbod afhanklik gemaak word van studenteaanvraag, veranderende demografie en personeelbeskikbaarheid. Dit is vir die volgende drie redes problematies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Soos reeds duidelik gestel is die studenteaanvraag na die Afrikaanse leeraanbod reeds deur die 2016 beleid ernstig te na gekom. Die Afrikaanse aanbod is vaag, verwarrend en wispelturig en skep deurlopende onsekerheid. • Die indiensnemingsbeleid van die Universiteit van Stellenbosch sowel as die 2021 Beleid en nog minder die 2016 beleid maak enige voorsiening vir die aanstel van Afrikaansmagtige doseerpersoneel. Dit bied ook nie billike alternatiewe in gevalle waar 'n gekwalifiseerde Afrikaansmagtige personeel nie te vinde is nie; • Dit is op die laat stadium nie billik om te verwys na die aanvraag van Afrikaans en om dit as 'n "keuse" deur studente aan te bied nie. Tot nou toe het Engels se dominansie en sistemiese oorheersing die de facto omgewing geskep het dat studente dikwels geen keuse gebied is anders as om na Engels oor te slaan nie. Die toepassing in praktyk is anders as wat die beleid voorgee of hoe die beleid aangebied word. Daar is dus nie sprake van 'n vrye taalkeuse nie. <p>Operasionele hoofdeel</p> <p>10.) In die operasionele bepalings is dieselfde klousules om met die Afrikaanse aanbod weg te doen, steeds teenwoordig. Die Afrikaanse aanbod word steeds beperk en geen konkrete voorsiening word gemaak vir nagraadse Afrikaanse studies nie. Engelstalige oorheersing word hierdeur vasgesament. U word daarom verwys na Klousule 7.1.8 van die gebruik van tale anders as Engels in nagraadse klasse (insluitend nagraadse modules op voorgraadse vlak) deurdat die tale slegs vir leer en onderrig aangewend mag word indien alle ander studente en personeel die tale akademies magtig is.</p>
---	---

		<p>11) Hierdie besondere bepaling skep gevolglik die indruk dat die gebruik van enige tale - anders as Engels – noodwendig die 'n risiko skep vir studente wat nie die besondere tale magtig is nie. Dit bevorder geensins meertaligheid nie en bevestig die praktyk dat daar noodgedwonge na Engels oorgeskakel sal word.</p> <p>12) Wat ons wel verblydend vind is dat die geleenheid in Klousule 7.3.5 bestaan, dat daar wel 'n operasionele verbintenis is tot Afrikaans as wetenskapstaal waarin navorsingsuitsette en ander hoër funksies verwag word. Die aanwendingswaarde van transtalige tegnieke wat in 7.1.1 neerslag vind bevestig dus wel 'n omgewing vir ander tale, anders as Engels. Ons sou dis graag wou sien dat dit na die praktyk uitgebrei word dat dosente en personeel positief in die klasomgewing moet optree om aggressie in klasse teenoor Afrikaanse te vermyn en uit te roei.</p> <p>Punte vir aanbeveling en oorweging Dit moet onomwonde gestel word dat die verengelsing van die Universiteit van Stellenbosch besondere skade aangerig het aan die Afrikaanse aanbod.</p> <p>Groot getalle Afrikaanse studente is in die vyf jaar van betekenisvolle Afrikaanse studies ontnem.</p> <p>Om weer enigsins betekenisvol te werk na 'n Afrikaanse aanbod sal dit nodig wees om 'n Vaste verbintenis tot moedertaalonderrig vir Afrikaanssprekendes te bied. Die teorie moet aanklank en ooreenstemming vind in praktyk.</p> <p>Enige taal moet wetenskaplike en akademiese funksies hê om te oorleef as deel van die vyf voorwaardes vir 'n taal om te oorleef. (dus ook as taal van onderwys op 'n verskeidenheid vlakke). Daarom moet ons en veral die Universiteit van Stellenbosch die geleentheid skep en dit moontlik maak dat studente op alle vlakke maar veral ook in die Afrikaanse letterkundige en geesteswetenskaplike omgewing woeker, sodat Afrikaans se kulturele funksies steeds lewenskragtig kan groei.</p> <p>Dit is telkens bewys dat Afrikaanse gegradueerdes ten beste vir die beroepswêreld in Afrikaans voorberei kan word;</p> <p>'n Opleidingsprogram wat spesifiek op jong veeltalige akademië ingestel is, en sover diensbillikheidswetgewing bepaalde vereistes stel, moet daar spesiaal op Afrikaansmagtige dosente van voorheen-benadeelde gemeenskappe gefokus word.</p> <p>Die taal en indiensnemingsbeleid moet uitdruklik voorsiening maak vir die aanstel van Afrikaansmagtige personeel of billike alternatiewe waar 'n gekwalifiseerde individu nie beskikbaar is nie.</p> <p>Skep aansporingsmeganismes om nagraadse studies in 'n institusionele taal of tale - anders as Engels te voltooi. Dit kan ook gedoen word met bykomende vertalingsondersteuning aan en publikasie van verdienstelike navorsingsaflewings. Die Afrikaanse gemeenskap sal beslis ondersteuning gee en Afrikaanse uitgewers sal die geleentheid aangryp.).</p>
--	--	--

			Skep 'n praktyk waar transtalige en taalpositiese voorgraadse klasse in Afrikaans en Engels vloeibaar dog gelykmatig aangewend word. Die praktyk moet gevestig word waar besprekinge en beantwoording van vrae tale, anders As eensydige en dominante Engels aangemoedig en ondersteun word.	
A116	<p>13 Augustus 2021 Professor Deresh Ramjugernath Viserektor: Leer en Onderrig Die Universiteit van Stellenbosch Administrasie B-gebou, Victoriastraat, Stellenbosch Elektronies ingedien by: Per e-pos gestuur na: mjoyce@sun.ac.za</p> <p>IS: Insette vir die Tweede konsepweergawe (vir openbare oorlegpleging) van die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch</p> <p>1. Inleiding en verklaring van belang</p> <p>[persoonlike inligting verwyder] is die Jeug-gilde van [persoonlike inligting verwyder], en het die mandaat om ons lede, wat tussen die ouderdomme van 15 en 25 is, by te staan in die ontwikkeling van hul loopbane, en te beskerm in gevalle waar hul loopbane skade mag lei as gevolg van 'n bepaalde fenomeen, beleid, of toedrag van sake. Siende dat [persoonlike inligting verwyder] heelwat lede het wat tans studente aan die Universiteit Stellenbosch (voortaan "die Universiteit") is, en siende dat die taal waarin studente onderrig ontvang en sosiaal verkeer van kardinale belang tot hul vorming, en dus hul loopbane is, het ons 'n belang by die Tweede konsepweergawe van die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch (voortaan meestal "die beleid").</p> <p>2. Belangrikheid van die Taalbeleid Alhoewel ons hierbo reeds ons hoë agting van onderrigtaal inlei, moet daar om volledigheidshalwe hieroor uitgebrei word. [persoonlike inligting verwyder] belyn onself met die benadering tot taal van die breër [persoonlike inligting verwyder], dus dat moedertaalonderrig wenslik is vir so lank as moontlik, selfs tot op die vlak van Ph.D. Alhoewel ons verstaan dat daar verskille hieroor is, glo ons dat onderrig en publikasietaal die keuse van die akademikus en student behoort te wees. Ons aanvaar die bepalinge van artikel 29 van die Grondwet van Suid-Afrika (voortaan "die Grondwet"), maar ons het ook kennis daarvan geneem dat die artikel 29(2) dikwels omseil word deur onderwys in daardie taal opsetlik ondoenlik te maak deur agenda gedrewe beleidsontwikkeling, en deur taalbeleide onderhewig te maak aan ander beleide wat juis hierdie doenlikheid uitdaag. Met hierdie agtergrond het ons ernstig kennis geneem van die beleid, en bied ons insette en kommentare vervolgens.</p> <p>3. Kommentare en insette van [persoonlike inligting verwyder] 3.1. Die beleid se aanvaarding van die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare</p>	1	<p>13 Augustus 2021 Professor Deresh Ramjugernath Viserektor: Leer en Onderrig Die Universiteit van Stellenbosch Administrasie B-gebou, Victoriastraat, Stellenbosch Elektronies ingedien by: Per e-pos gestuur na: mjoyce@sun.ac.za</p> <p>IS: Insette vir die Tweede konsepweergawe (vir openbare oorlegpleging) van die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch</p> <p>1. Inleiding en verklaring van belang</p> <p>[persoonlike inligting verwyder] is die Jeug-gilde van [persoonlike inligting verwyder], en het die mandaat om ons lede, wat tussen die ouderdomme van 15 en 25 is, by te staan in die ontwikkeling van hul loopbane, en te beskerm in gevalle waar hul loopbane skade mag lei as gevolg van 'n bepaalde fenomeen, beleid, of toedrag van sake. Siende dat [persoonlike inligting verwyder] heelwat lede het wat tans studente aan die Universiteit Stellenbosch (voortaan "die Universiteit") is, en siende dat die taal waarin studente onderrig ontvang en sosiaal verkeer van kardinale belang tot hul vorming, en dus hul loopbane is, het ons 'n belang by die Tweede konsepweergawe van die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch (voortaan meestal "die beleid").</p> <p>2. Belangrikheid van die Taalbeleid Alhoewel ons hierbo reeds ons hoë agting van onderrigtaal inlei, moet daar om volledigheidshalwe hieroor uitgebrei word. [persoonlike inligting verwyder] belyn onself met die benadering tot taal van die breër [persoonlike inligting verwyder], dus dat moedertaalonderrig wenslik is vir so lank as moontlik, selfs tot op die vlak van Ph.D. Alhoewel ons verstaan dat daar verskille hieroor is, glo ons dat onderrig en publikasietaal die keuse van die akademikus en student behoort te wees. Ons aanvaar die bepalinge van artikel 29 van die Grondwet van Suid-Afrika (voortaan "die Grondwet"), maar ons het ook kennis daarvan geneem dat die artikel 29(2) dikwels omseil word deur onderwys in daardie taal opsetlik ondoenlik te maak deur agenda gedrewe beleidsontwikkeling, en deur taalbeleide onderhewig te maak aan ander beleide wat juis hierdie doenlikheid uitdaag. Met hierdie agtergrond het ons ernstig kennis geneem van die beleid, en bied ons insette en kommentare vervolgens.</p> <p>3. Kommentare en insette van [persoonlike inligting verwyder] 3.1. Die beleid se aanvaarding van die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare</p>	1

<p>Hoëronderwysinstellings (2020)</p> <p>Dit is teleurstellend dat ‘n universiteit op sy “beduidende bydrae” tot Afrikaans (pt.2) roem, nietemin die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings sal aanvaar, en ‘n taalbeleid aan die hand daarvan sal ontwikkel. Hierdie aanvaarding word selfs meer teleurstellend wanneer die konteks waarbinne die dorp van Stellenbosch en die Universiteit Stellenbosch ontwikkel het in ag geneem word.</p> <p>Klousule 5.2 van die beleid stel, onder Mikpunte van die Beleid dat daar uitvoering gegee moet word aan die Taalbeleidsraamwerk Vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020), wat vasgestel is ingevolge artikels 3 en 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997.Hierdie Taalbeleidsraamwerk definieer inheemse tale van Suid Afrika, soos op p.15 van die beleid vertoon word, vervolgens: Inheemse tale, soos wat die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) dit omskryf, is tale waarvan die erfenis in Afrika gewortel is (word ook in die literatuur en sommige beleidsdokumente Afrikatale genoem) en wat tot die Suid-Bantoetaalfamilie behoort, waar “Bantoe” alleenlik as ‘n taalkundige term gebruik word.</p> <p>Die Universiteit Stellenbosch se aanvaarding van hierdie definisie, meld dus dat tale wat inheems aan die land, inheems aan die Wes-Kaap, en inheems aan die streek is, soos Khoi, Nama, en Afrikaans, en ook ander, nie inheemse tale van Suid-Afrika is nie. Vir [persoonlike inligting verwyder] , en vir die lede van hierdie taalgemeenskappe, kan die onderskrywing van hierdie Taalbeleidsraamwerk nie anders verstaan word as verraad van hul tale, en ontkenning van hul kulture nie.</p> <p>3.2. Die onversoenbaarheid van klousules 5.2 en 6.4 van die beleid</p> <p>Gegewe die kommentaar wat ons by die vorige punt gelewer het, moet klousule 6.4 van die Beleid as onversoenbaar met 5.2., en gevolglik met die ganse Beleid beskou word. Klousule 6.4 stel dat die US respekteer die tale en taalvariëteite wat sy studente en personeellede gebruik, en erken hulle taalvoorkeure en taalvaardigheidsvlakke.</p> <p>Hier kom ‘n duidelike teenstrydigheid en dus onversoenbaarheid na vore in die gebruik van die term “respekteer”. Respek verwys na ‘n agting of waardering wat daar van een agent vir ‘n ander getoon word. Die ontkenning van ‘n inheemse taal se inheemsheid vertoon in werklikheid disrespek. Gevolglik sou die voorsteller van die beleid moet besluit of 5.2 en of 6.4 onder huidige bewoording moet seëvier, maar tans is daar, soos aangetoon, ‘n interne teenstrydigheid.</p> <p>3.3. Die beleid se afhanklikheid van ander beleide</p> <p>Alhoewel dit te verstane is dat ‘n beleid onderhewig is aan ander dokumente en beleide, sal klousule 6.9 van die Beleid die ganse klousule 7 reduceer tot lippetaal en ondernemings wat nagekom kan word indien die Universiteit voornemens het om dit na te kom. As’t ware veroorsaak klousule 6.9 dat die universiteit, soos wat in punt 2 van hierdie inset aangetoon is, die fyner punte van die taalbeleid onderhewig maak aan gerief en moontlikheid. Hierdie</p>	<p>Hoëronderwysinstellings (2020)</p> <p>Dit is teleurstellend dat ‘n universiteit op sy “beduidende bydrae” tot Afrikaans (pt.2) roem, nietemin die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings sal aanvaar, en ‘n taalbeleid aan die hand daarvan sal ontwikkel. Hierdie aanvaarding word selfs meer teleurstellend wanneer die konteks waarbinne die dorp van Stellenbosch en die Universiteit Stellenbosch ontwikkel het in ag geneem word.</p> <p>Klousule 5.2 van die beleid stel, onder Mikpunte van die Beleid dat daar uitvoering gegee moet word aan die Taalbeleidsraamwerk Vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020), wat vasgestel is ingevolge artikels 3 en 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997.Hierdie Taalbeleidsraamwerk definieer inheemse tale van Suid Afrika, soos op p.15 van die beleid vertoon word, vervolgens: Inheemse tale, soos wat die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) dit omskryf, is tale waarvan die erfenis in Afrika gewortel is (word ook in die literatuur en sommige beleidsdokumente Afrikatale genoem) en wat tot die Suid-Bantoetaalfamilie behoort, waar “Bantoe” alleenlik as ‘n taalkundige term gebruik word.</p> <p>Die Universiteit Stellenbosch se aanvaarding van hierdie definisie, meld dus dat tale wat inheems aan die land, inheems aan die Wes-Kaap, en inheems aan die streek is, soos Khoi, Nama, en Afrikaans, en ook ander, nie inheemse tale van Suid-Afrika is nie. Vir [persoonlike inligting verwyder], en vir die lede van hierdie taalgemeenskappe, kan die onderskrywing van hierdie Taalbeleidsraamwerk nie anders verstaan word as verraad van hul tale, en ontkenning van hul kulture nie.</p> <p>3.2. Die onversoenbaarheid van klousules 5.2 en 6.4 van die beleid</p> <p>Gegewe die kommentaar wat ons by die vorige punt gelewer het, moet klousule 6.4 van die Beleid as onversoenbaar met 5.2., en gevolglik met die ganse Beleid beskou word. Klousule 6.4 stel dat die US respekteer die tale en taalvariëteite wat sy studente en personeellede gebruik, en erken hulle taalvoorkeure en taalvaardigheidsvlakke.</p> <p>Hier kom ‘n duidelike teenstrydigheid en dus onversoenbaarheid na vore in die gebruik van die term “respekteer”. Respek verwys na ‘n agting of waardering wat daar van een agent vir ‘n ander getoon word. Die ontkenning van ‘n inheemse taal se inheemsheid vertoon in werklikheid disrespek. Gevolglik sou die voorsteller van die beleid moet besluit of 5.2 en of 6.4 onder huidige bewoording moet seëvier, maar tans is daar, soos aangetoon, ‘n interne teenstrydigheid.</p> <p>3.3. Die beleid se afhanklikheid van ander beleide</p> <p>Alhoewel dit te verstane is dat ‘n beleid onderhewig is aan ander dokumente en beleide, sal klousule 6.9 van die Beleid die ganse klousule 7 reduceer tot lippetaal en ondernemings wat nagekom kan word indien die Universiteit voornemens het om dit na te kom. As’t ware veroorsaak klousule 6.9 dat die universiteit, soos wat in punt 2 van hierdie inset aangetoon is, die fyner punte van die taalbeleid onderhewig maak aan gerief en moontlikheid. Hierdie</p>
--	---

<p>klausule stel dat die Taalbeleid en die implementering daarvan gerig word deur wat in spesifieke kontekste redelikerwys uitvoerbaar is. Tersaaklike faktore wat oorweeg moet word, sluit in, maar is nie beperk nie tot, die drie normatiewe grondbeginsels in 6.1 tot 6.3, die getal studente wat by 'n spesifieke implementeringsmetode sal baat vind, die akademiese taalvaardigheid van die betrokke studente, die beskikbaarheid en akademiese taalvaardigheid van personeellede, rooster- en lokaalbeperkings, sowel as en die US se beskikbare hulpbronne, en die mededingende aansprake op daardie hulpbronne.</p> <p>Die term “redelikerwys uitvoerbaar” herinner aan die Grondwet se “redelikerwys doenlik”, en word dan gekwalifiseer deur te stel dat oorwegings soos beskikbare lokale, personeel, en ruimte op die rooster voorrang geniet bo die Beleid. In effek kan dit dus beteken dat Afrikaans as medium van onderrig geskrap kan word wanneer 'n dosent nie beskikbaar is nie. Taal word dus op die periferie gestel, en die Beleid bemagtig die Universiteit om sonder maat of perk skouers op te trek wanneer die Beleid nie uitgevoer word nie.</p> <p>3.4. Die inkonsekwentheid van die meertalige konteks</p> <p>Die Beleid stel onder klausule 2 dat die Taalbeleid konsentreer op meer as net institusionele meertaligheid (d.w.s. die vestiging van meertalige institusionele ruimtes waar 'n diverse groep eentalige mense saambestaan); dit streef ook na individuele meertaligheid en moedig individue aktief aan om meer as een taal te gebruik. Individuele meertaligheid is 'n bate wat die US graag wil ontwikkel omdat dit sowel nasionaal as internasionaal duidelike akademiese voordele inhou.</p> <p>Op die oog af mag dit voorkom asof hierdie klausule 'n sinvolle poging tot nasiebou en eenheid in diversiteit wil kweek, maar gegewe die gebeure van 2021, waar studente se oriëntering oorskadu is deur die vrae van taal in koshuise, het hierdie paragraaf 'n baie bepaalde konteks. Dit kom voor asof C.P. Hoogenhout se “Engels, Engels, alles Engels” posgevat het in Stellenbosch, en die vraag ontstaan of daar hoegenaamd enige programme bestaan om moedertaal Engels sprekers op dieselfde manier aan die ander amptelike tale van die universiteit bekend te stel as wat Afrikaanse en isiXhosa sprekers aan Engels blootgestel word deur onder andere die georganiseerde oriënteringsprogramme. Indien geen sodanige programme in plek is nie, behoort hierdie onderneming van individuele meertaligheid geskrap te word, omdat dit oneerlik is.</p> <p>4. Aanbevelings van [persoonlike inligting verwyder] Aan die hand van die bogenoemde insette, die aanbevelings van [persoonlike inligting verwyder] aan die Viserektor: Onderrig en Leer, of sy gedelegeerde, verantwoordelik vir hierdie gewigtige Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch.</p> <p>4.1. Dit word ten sterkste aanbeveel dat die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderriginstellings (2020) verwerp behoort te word, as gevolg daarvan dat dit tale wat geen ander tuiste het nie se inheemsheid ontken. Hierdie raamwerk is verdelend van aard,</p>	<p>klausule stel dat die Taalbeleid en die implementering daarvan gerig word deur wat in spesifieke kontekste redelikerwys uitvoerbaar is. Tersaaklike faktore wat oorweeg moet word, sluit in, maar is nie beperk nie tot, die drie normatiewe grondbeginsels in 6.1 tot 6.3, die getal studente wat by 'n spesifieke implementeringsmetode sal baat vind, die akademiese taalvaardigheid van die betrokke studente, die beskikbaarheid en akademiese taalvaardigheid van personeellede, rooster- en lokaalbeperkings, sowel as en die US se beskikbare hulpbronne, en die mededingende aansprake op daardie hulpbronne.</p> <p>Die term “redelikerwys uitvoerbaar” herinner aan die Grondwet se “redelikerwys doenlik”, en word dan gekwalifiseer deur te stel dat oorwegings soos beskikbare lokale, personeel, en ruimte op die rooster voorrang geniet bo die Beleid. In effek kan dit dus beteken dat Afrikaans as medium van onderrig geskrap kan word wanneer 'n dosent nie beskikbaar is nie. Taal word dus op die periferie gestel, en die Beleid bemagtig die Universiteit om sonder maat of perk skouers op te trek wanneer die Beleid nie uitgevoer word nie.</p> <p>3.4. Die inkonsekwentheid van die meertalige konteks</p> <p>Die Beleid stel onder klausule 2 dat die Taalbeleid konsentreer op meer as net institusionele meertaligheid (d.w.s. die vestiging van meertalige institusionele ruimtes waar 'n diverse groep eentalige mense saambestaan); dit streef ook na individuele meertaligheid en moedig individue aktief aan om meer as een taal te gebruik. Individuele meertaligheid is 'n bate wat die US graag wil ontwikkel omdat dit sowel nasionaal as internasionaal duidelike akademiese voordele inhou.</p> <p>Op die oog af mag dit voorkom asof hierdie klausule 'n sinvolle poging tot nasiebou en eenheid in diversiteit wil kweek, maar gegewe die gebeure van 2021, waar studente se oriëntering oorskadu is deur die vrae van taal in koshuise, het hierdie paragraaf 'n baie bepaalde konteks. Dit kom voor asof C.P. Hoogenhout se “Engels, Engels, alles Engels” posgevat het in Stellenbosch, en die vraag ontstaan of daar hoegenaamd enige programme bestaan om moedertaal Engels sprekers op dieselfde manier aan die ander amptelike tale van die universiteit bekend te stel as wat Afrikaanse en isiXhosa sprekers aan Engels blootgestel word deur onder andere die georganiseerde oriënteringsprogramme. Indien geen sodanige programme in plek is nie, behoort hierdie onderneming van individuele meertaligheid geskrap te word, omdat dit oneerlik is.</p> <p>4. Aanbevelings van [persoonlike inligting verwyder] Aan die hand van die bogenoemde insette, die aanbevelings van [persoonlike inligting verwyder] aan die Viserektor: Onderrig en Leer, of sy gedelegeerde, verantwoordelik vir hierdie gewigtige Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch.</p> <p>4.1. Dit word ten sterkste aanbeveel dat die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderriginstellings (2020) verwerp behoort te word, as gevolg daarvan dat dit tale wat geen ander tuiste het nie se inheemsheid ontken. Hierdie raamwerk is verdelend van aard,</p>
--	--

	<p>oneerlik, en ontken die gemeenskappe wat afhanklik is van die Universiteit Stellenbosch van hul volwaardige agentskap as inheemse taalgemeenskappe.</p> <p>4.2. Gevolglik behoort klousule 5.2 van die Beleid herskryf te word, omdat dit nie 'n mikpunt van 'n Universiteit kan wees om die gemeenskappe wat haar opgerig het en om haar woon te ontken nie.</p> <p>4.3. Die Beleid behoort nie ten volle onderhewig te wees aan uitvoerbaarheid nie, maar behoort die Universiteit te noop om uitvoering daaraan te gee. Die huidige bewoording laat te veel skuiwergate waardeur die Universiteit om haar eie beginsels van meertaligheid kan kom, wat van hierdie beginsels leë ondernemings maak.</p> <p>4.4. As die Beleid die pad van individuele meertaligheid wil stap, behoort die beleid programme in die lewe te roep wat Engelse hegemonie op akademiese en sosiale fronte sal voorkom.</p> <p>5. Ten slotte Dit is ons oortuiging as [persoonlike inligting verwyder] dat die aanbevelings by punt 4, aan die hand van die konteks wat geskep is by punte 1-3, tot die voordeel van die Universiteit Stellenbosch, en tot die voordeel van die gemeenskappe wat haar omring en van haar afhanklik is, sal strek.</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p>		<p>oneerlik, en ontken die gemeenskappe wat afhanklik is van die Universiteit Stellenbosch van hul volwaardige agentskap as inheemse taalgemeenskappe.</p> <p>4.2. Gevolglik behoort klousule 5.2 van die Beleid herskryf te word, omdat dit nie 'n mikpunt van 'n Universiteit kan wees om die gemeenskappe wat haar opgerig het en om haar woon te ontken nie.</p> <p>4.3. Die Beleid behoort nie ten volle onderhewig te wees aan uitvoerbaarheid nie, maar behoort die Universiteit te noop om uitvoering daaraan te gee. Die huidige bewoording laat te veel skuiwergate waardeur die Universiteit om haar eie beginsels van meertaligheid kan kom, wat van hierdie beginsels leë ondernemings maak.</p> <p>4.4. As die Beleid die pad van individuele meertaligheid wil stap, behoort die beleid programme in die lewe te roep wat Engelse hegemonie op akademiese en sosiale fronte sal voorkom.</p> <p>5. Ten slotte Dit is ons oortuiging as [persoonlike inligting verwyder] dat die aanbevelings by punt 4, aan die hand van die konteks wat geskep is by punte 1-3, tot die voordeel van die Universiteit Stellenbosch, en tot die voordeel van die gemeenskappe wat haar omring en van haar afhanklik is, sal strek.</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p>	
A117	<p>Kommentaar van die [persoonlike inligting verwyder], op die Tweede konsepweergawe van die Taalbeleid</p> <p>Die [persoonlike inligting verwyder] spreek sy dank en waardering uit vir veranderinge wat in hierdie konsepweergawe verskyn en wat onses insiens 'n verbetering is op die eerste konsepweergawe.</p> <p>Daar is steeds aspekte wat vir ons kommerwekkend is en wat ons graag onder die aandag van die beleidformuleerders wil bring:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die gereelde gebruik van die uitdrukking “redelikerwys uitvoerbaar” laat te veel ruimte vir Engels-eentaligheid. • In afdeling 13 van die dokument “Woordelys van terme en afkortings” word “Redelikerwys uitvoerbaar” opgeneem maar nie verklaar nie. Dit is 'n belangrike term in hierdie dokument en mag nie ongedefinieerd bly nie, aangesien uitvoerders van die beleid dan hulle eie interpretasie aan dié term kan gee. • Die begrip “redelikerwys uitvoerbaar” speel 'n deurslaggewende rol. Ons sou wou sien dat “werklike behoefte van studente” eweneens bepalend in die keuse van die taal van onderrig en leer moet wees. • Ons sal graag 'n sterker positiewe strekking in die dokument wou sien waar die fokus nie op beperkings is nie maar eerder op aansporing. Dosente behoort aangemoedig te word om meertaligheid aktief na te streef en daar behoort insentiewe te wees, byvoorbeeld 'n spesiale jaarlikse toekening deur die Viserektor: Leer en Onderrig, vir dosente wat hulle verder 	1		

	<p>bekwaam om 'n tweede en derde taal akademies te kan gebruik.</p> <ul style="list-style-type: none"> • In nuwe dosente se aanstellingskontrak behoort dit vermeld te word dat meertaligheid gewens is en dat hulle versoek word om dit na te streef. • Daar moet 'n aanduiding wees van praktiese maatstawwe wat tot die konkretisering van die goeie meertaligheidsbeginsels van die Taalbeleid sal lei. 			
A118	<p>Hierdie tweede konsep van die hersiene Taalbeleid van die US is beslis realistieser en eerliker t.o.v. die Beleidsbeginsels. Die frase "redelikerwys uitvoerbaar" en die frase "pedagogies verantwoordbaar" is geensins jukmaats, of dan noodwendig in harmonie in hul onderskeie strekkings nie. Die pedagogiese belang het voorkeur, aangesien "redelikerwys" onderhewig is aan subjektiewe beperkings: dit beteken eintlik "soos dit ons pas." En wie sal dit in die kantoor van die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking wil waag om die "ons" krities te definieer?</p>	1	<p>7.1.5 waar 'n dosent in slegs Afrikaanse of Engelse onderrig vaardig is, behoort hierdie dosent hom-/haarself binne 3-4 jaar te bekwaam om die leemte te vul deur minstens tweetaligheid te verwerf. By die aanstelling van doserende personeel moet meertaligheid derhalwe as 'n vereiste vir permanente posbekleding geld.</p> <p>7.1.10 nagraadse vraestelle in sowel Engels en Afrikaans, mag in Xhosa beantwoord word.</p> <p>7.4.2.2 om voorsiening te maak vir die verdere ontwikkeling van Afrikaans omdat meertaligheid so bevorder sal word, asook om voornemende Afrikaanse studente en akademiese personeel die versekering te gee dat die taalmat (en dis nie 'n towermatjie nie, maar 'n eksistensiële leefmat) nie onderweg ondervoets uitgepluk gaan word nie.</p>	1
A119	<p>Goeie more aan almal,</p> <p>Die Konstitusie skryf nie voor dat al die Universiteite Engels moet wees nie!</p> <p>Stellenbosch is die Bakermat van die Afrikaanse taal. Dit is waar Afrikaans sy ontstaan en verdere ontwikkeling en verfyning gekry het. Dit behoort 'n Wereld Erfenis Gebied vir die Afrikaanse Taal verklaar te word! Afrikaans is een van die jongste maar blyk een van die vinnigste ontwikkelende tale in die wereld te wees, daar word gedurig nuwe woorde geskep.. Daar is gesegdes en uitdrukings in Afrikaans wat nie vertaal kan word in enige ander taal nie.</p> <p>My Engelse vriende se Afrikaans is so ryk aan kosbare uitdrukings wat alles se, hulle het dit nie in Engels nie en gebruik dit dikwels saam met Engels, want dit kan nie vertaal word nie. Nou wil Stellenbosch die Afrikaanse Taal verraai en in die rug steek, deur Stellenbosch 'n Engelse Univesiteit te maak en Afrikaans die tweede taal, afskeep taal met uifers swak vertalings deur mense wat nie die taal magtig is nie!! 'n Klap in die gesig van Afrikaans Sprekendes. Toe ek op Stellenbosch was vanaf 1960 tot einde 1963 het ek soveel Engelsprekende vriende gehad van Natal wat saam met my klas gedraf het. Toe ek hulle vra hoekom Stellenbosch? Se hulle hier is 'n ryk kultuur en hulle het nog altyd respek vir die Afrikaners gehad want hulle gooi nooit tou op nie, en wou graag die taal ordentlik leer praat om die Afrikaners beter te verstaan. Wat doen julle nou? Julle gooi tou op, julle is hensoppers of anders gestel, verraaiers van die Afrikaner en die Afrikaanse Taal!! My familie is in Suid Afrika vanaf 1700, Afrikaners in murg en been, my oorlede Oupa alhoewel Engels sprekend en van Skotse afkoms het saam met die Boere geveg, My ouma het in 'n beestrok op pad na die Konsentrasie kamp geboorte geskenk aan 'n dogter. My Ouma is 'n paar jaar later agv die gevolge van die konsentrasie kamp oorlede.</p>	2		

	<p>My Oupa is na Dayatalawa in Indie as krygsgevangene gestuur gedurende die 2de Anglo-Boereoorlog!</p> <p>Hy was deur Harm Oost beskryf as "Öch, wat een dapper man was jou vader tog nie" aan my Pa se broer.</p> <p>My Oupa het alles verloor maar van toe af was Gert Mills se deel van die familie Afrikaans Sprekend.</p> <p>Nou verrai Stellenbosch almal wat in die Anglo Boere oorloë geveg het en wat Oos- en Noordwaarts getrek het om weg te kom van Engels, asook die Afrikaner se geskiedenis!</p> <p>Daar is 21 Univesiteite in Suid Afrika, waarvan Engels in die meeste gevalle die voertaal is!! Die rede is daar is nie genoeg wetenskaplike terme en handboeke in Zulu, Venda, Xhosa, Sotho en Tswana ontwikkel en gedruk nie, al is daar 'n Universiteit in al daardie taal gebiede bly die voertaal Engels.</p> <p>Terwyl in Afrikaans dit nie as 'n veskoning gebruik kan word nie daar is genoeg terme en handboeke in alle vak gebiede.</p> <p>Dit is dood eenvoudig net VERRAAD!</p> <p>Kyk bietjie wie is die leiers in groot maatskappye of het groot maatskappye ontwikkel en wat sal julle vind, dit is Afrikaans Sprekendes wat in Afrikaans opgelei was by toe nog Afrikaanse Univesiteite Stellenbosch, Bloemfontein, Pretoria, RAU en Potchefstroom.</p> <p>Maar nie een van hulle was die Bakermat van die Afrikaanse Taal nie, soos die geval is met Stellenbosch nie.</p> <p>Afrikaans moet die Voertaal bly op Stellenbosch en Engels 2e en Xhosa 3e.</p> <p>Een Univesiteit uit 21 Univesiteite, wat Afrikaans was vanaf oorsprong en die Bakermat van Afrikaans moet Afrikaans bly en die hoof voertaal Afrikaans.</p> <p>Julle konsep weergawe is so pro Engels as kan kom en stel nie belang in enige voorleggings wat pro Afrikaans is nie, julle gooi mdit summier uit en se dit is net 'n herhaling!!</p> <p>Ek is baie jammer maar my gevolgtreking uit wat julle se in die tweede weergawe van die Taalbeleid is dat dit tototaal bevooroordeeld is teen Afrikaans, die Nalatenskap van die Afrikaans Sprekendes en die Afrikaner se geskiedenis, dit is totale verraad. .</p> <p>Ek is jammer maar die raad is totaal en al bevooroordeeld, en ignoreer totaal die feit dat Stellenbosch die Bakermat van die Afrikaanse Taal is, en 'n Wereld Erfenis Gebied vir die Afrikaanse Taal behoort verklaar te word!</p> <p>Die Konstitusie skryf nie voor dat al die Univesiteite Engels moet wees nie!</p> <p>Julle probeer die belangrikheid van die Afrikaanse Taal onder die mat in te vee en pleeg verraad!!.</p> <p>Die uwe, [persoonlike inligting verwyder]</p>			
A120	<p>Sommige goeie punte, maar ongelukkig gekanselleer deur 'n negatiewe aanpak. Die huidige taalbeleid word in wese deur Afrikaanssprekendes as negatief aanvaar, om onder meer die volgende redes:</p>	2	<p>Reeds in die openingstabel word gediskrimineer teen Afrikaanssprekendes deur die volgende uitgangspunt: "Die Engelse weergawe van hierdie Beleid is die geldende weergawe, en die Afrikaanse weergawe is 'n vertaling daarvan." Is hierdie punt hoegenaamd nodig en ter sake in 'n dokument wat veeltaligheid wil voorstaan?</p> <p>By "Die kontekstuele oorwegings vir die gebruik van hierdie tale" is dit opvallend dat ten opsigte van sowel Engels as Xhosa genoem word dat die US dit gereeld gebruik en/of spesifiek bevorder, maar by Afrikaans word slegs 'n algemene waarderende beskrywing gegee sonder enige melding van die gebruik of bevordering van die taal. Voeg dit asb by.</p>	1

		<p>Die mees gewraakte punt is 6.9. Die probleem hier is die sterk negatiewe uitgangspunt en die subjektiewe maatstawwe. 'n Woordeboekdefinisie van beleid omskryf dit as die behandeling of wyse van behandeling van 'n saak, dit wil sê riglyne oor hoe gehandel moet of behoort te word. In plaas daarvan om leiding te gee van hoe sake behoort te verloop, soos normaalweg vereis word van 'n beleid as iets wat wil bepaal en sake wil reël en op 'n sekere manier laat implementeer, berus die sogenaamde 'beleid' in die US-voorstel vanweë 6.9 op 'n interpretasie van kontekstuele faktore deur enigiemand aan die US: of dié persoon hoegenaamd iets besef van die kompleksiteit van die taalsituasie aan die US of nie; of dié persoon 'n begrip en waardering het vir Afrikaans, of nie; of dié persoon vooropgesette eng-negatiewe idees oor Afrikaans het, dit nie magtig wil wees nie, ens. Dit maak van enige subjektiewe individu 'n beleidmaker met die mag om die hele situasie te beïnvloed. "Tersaaklike faktore wat oorweeg moet word, sluit in, maar is nie beperk nie tot ..." open die deur vervolgens vir bykans enige faktor wat dié implementeerders van dié 'beleid' sou kon bedink. Nogmaals: Die hele paragraaf klink na negatiewe verskonings en uitsluitings eerder as na 'n beleid.</p> <p>In plaas daarvan dat die taalbeleid sorg vir die beveiliging en bevordering van Afrikaans naas Engels, trek punt 6.9 effektief 'n streep deur enige moontlikheid om Afrikaans te koester, te bewaar en te ontwikkel, ongeag mooi woorde elders in die dokument. Tensy punt 6.9 geskrap word en vervang word met positiewe riglyne oor hoe Afrikaans wel sinvol gebruik behoort te word en kan word, beteken dié taalbeleid in sy geheel die dood in die pot vir Afrikaans aan die US.</p> <p>Ook punt 6.10 pla: Hiervolgens bepaal "veranderde taaldemografie en taalvoorkeure" die taalbeleid, eerder as dat die taalbeleid taaldemografie en taalvoorkeure help rig en bepaal. Dit is 'n bekende feit dat "taaldemografie en taalvoorkeure" by 'n universiteit nie soseer afhang van 'n streek of land nie, maar bewerkstellig word deur die taalbeleid wat gevolg word.</p> <p>Kom met 'n positiewe, ruim taalbeleid, wat alle potensiële studente verwelkom en dit moontlik maak vir studente en dosente om daarby te hou. Daar was reeds vanaf die oprigting van dié universiteit ruimte vir Engelssprekende studente om aan die US te studeer, maar hulle het aangepas by die taalbeleid en nie andersom nie. Nou blyk egter op talle maniere (ondersoeke, mediaberigte, rapporterings deur studente ens.) dat die situasie omgekeer is, en boonop veel swakker gehanteer word as voorheen. Waarom steeds bly dink in terme van binêre opposisies? Dit gaan in teen die letter en gees van die veeltaligheid wat andersins gepredik word.</p> <p>As [persoonlike inligting verwyder] het ek 30 jaar se ervaring aan die US van hoe ontvanklik beide studente én die breër publiek kán wees vir Afrikaans as dit positief aangepak word. Afrikaans is nie 'n taal van beletsels nie, maar van moontlikhede, verruiming en inspirasie. Skep ASB ruimte vir al die sprekers by die US.</p>
--	--	--

			<p>Moet ASB nie Afrikaans in die modder van onkunde, antipatie en stiksieningheid laat vertrap met hierdie negatiewe benadering nie. Daarmee rig die huidige wetsbepalers aan die US onmeetlike en blywende skade aan – nie alleen aan die etos en kwaliteite van die Universiteit as leier en toonaangewer in die streek, land en internasionaal nie, maar aan die onderwysstelsel as sodanig en aan die voortbestaan van ’n taal wat reeds ’n enorme pad gestap het. Wil die huidige beleidsbepalers werklik die geskiedenis ingaan as die vernietigers van Afrikaans?</p> <p>[persoonlike inligting verwyder]</p>
A121	<p>Die [persoonlike inligting verwyder] se kommentaar op die tweede konsepweergawe van die Universiteit Stellenbosch se Taalbeleid – 14 Augustus 2021</p> <p>1. Die [persoonlike inligting verwyder] verwelkom die geleentheid om kommentaar te lewer op die hersiene weergawe van die US se voorgestelde Taalbeleid. Ons missie en algemene doelstellings is die lewering van diens aan die samelewing om die belange van alle Suid-Afrikaners te dien. Die [persoonlike inligting verwyder] streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes. ’n Sentrale doelstelling van die [persoonlike inligting verwyder] is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in en deur Afrikaans, en die kunste.</p> <p>2. Alhoewel die konsepweergawe nie wesentlik hersiening behels nie en dit veelal redaksioneel/stilisties voordoet, let die [persoonlike inligting verwyder] wel op dat daar groter klem gelê word op die erkenning van “individuele, institusionele en samelewingsmeertaligheid”. In die besonderheid neem ons kennis dat die US ook “geleenthede vir individuele meertaligheid” wil skep sodat “individuele in staat (is) om hulle taalrepertoire uit te bou met tale of taalvariëteite”.</p> <p>3. Die SA Akademie let ook daarop dat slégs isiXhosa in die konsepweergawe as ’n inheemse taal vermeld word, maar dat Afrikaans se dergelike status verswyg word. Ons wys die US pertinent daarop dat hierdie verswyging die bedoeling en integriteit van die US se erkenning en verbintenis tot Afrikaans as ’n wetenskapstaal in die gedrang bring. Ons herinner die US graag dat onberispelike taalkundige navorsing oor die herkoms en ontwikkeling van Afrikaans en die bydrae van inheemse sprekers soos die Khoi gelei het tot die erkenning van Afrikaans as ’n inheemse taal. In prof Christo van Rensburg se woorde: “Afrikaans het nie nêr Europese wortels nie. Ander soorte Afrikaans is in Suider-Afrika gebore uit die kontak tussen sprekers van talle verskillende tale” (1997:1). Die inheemse status van Afrikaans is buite kyf en ons beveel daarom aan dat dit pertinent in die Taalbeleid verreken moet word.</p> <p>4. Die [persoonlike inligting verwyder] verwelkom in die algemeen die goeie taalbeleidsbepalings, maar wil wel voorstel dat groter aandag geskenk word aan ’n omvattende implementeringsplan waarin daar ’n duideliker koppeling tussen</p>	1	

	<p>beleidsbepalings en uitvoering vervat word. Die wát en die hoé van beleid kan gestalte kry volgens 'n uiteensetting van –</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beleidsbepaling • Uitvoeringstrategieë/-meganisme(s) • Verantwoordelike uitvoeringsagent(e) • Tydraamwerk(e) vir uitvoering • Evaluering van implementering <p>Die US-taalbeleid het oor jare heel tereg onder skerp kritiek uit die Afrikaanse taalgemeenskap deurgeloop. Die daaropvolgende raadplegende pogings van die US word verwelkom, maar die [persoonlike inligting verwyder] is die mening toegedaan dat verdere onsekerheid oor die US se verbintenis om hierdie taalgemeenskap te dien uit die weg geruim sal word deur 'n omvattende implementeringsplan wat die versekering van daadwerklike inwerkingstelling gee.</p>			
A122	<p>[persoonlike inligting verwyder] se kommentaar op die Universiteit Stellenbosch se tweede hersiene konseptaalbeleid</p> <p>Vir aandag: Prof. Deresh Ramjugernath (Viserektor: Leer en Onderrig) Elektronies ingedien via die US se aanlyn taalportaal</p> <p>[persoonlike inligting verwyder] is 'n skrywersvereniging wat nie net vryheid van uitdrukking en skrywersbelange plaaslik en internasionaal dien en bevorder nie, maar ons ook vir die bevordering van taalregte in 'n meertalige konteks beywer. Ons lede sluit skrywers, akademië, vertalers, uitgewers en ander belanghebbendes in wat hulle op verskillende maniere met die Afrikaanse taal en letterkunde bemoei. Uiteraard is die versterking en bevordering van Afrikaans, ook as onderrigtaal, vir ons en ons lede van belang.</p> <p>Teen hierdie agtergrond dien ons 'n voorlegging oor die Universiteit Stellenbosch se tweede hersiene konseptaalbeleid in.</p> <p>[persoonlike inligting verwyder] verwelkom die beleid se groter klem op 'n positiewe gesindheid jeens meertaligheid, wat op institusionele en individuele vlak as 'n bate gesien en waardeer behoort te word en ingespan word vir groter inklusiwiteit en diversiteit. Ons verwelkom die US se pertinente verbintenis tot die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa.</p> <p>Dit klink in beginsel of die US dit met [persoonlike inligting verwyder] en menige ander belanghebbendes eens is oor die belang van meertaligheid, veral gesien in die lig van die bewese belang van moedertaalonderrig.</p> <p>'n Beleid is egter iets wat prakties toegepas word.</p>	1		

	<p>Met inagneming daarvan, wil ons met hierdie voorlegging versoek dat inligting openbaar gemaak word om die volgende vrae te beantwoord:</p> <p>Oor die vorige beleid:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Wat het die toepassing van die vorige beleid prakties behels? - Wat was die resultaat daarvan wat onderrig aanbod in die genoemde drie tale betref? - Wat was die vorige beleid se spesifieke doelwitte en het dit daardie doelwitte bereik? - Is daar enige data beskikbaar wat die praktiese uitwerking van die vorige taalbeleid uiteensit? <p>Oor die nuwe konseptaalbeleid:</p> <ul style="list-style-type: none"> - In watter kursusse sal studente daarop kan reken en word dit gewaarborg dat voorgraadse onderrigmateriaal en klasse in Afrikaans beskikbaar sal wees? - Kan 'n taalombudsman aangestel word waarna studente hulle kan wend wat nie in Afrikaans gehelp word nie? <p>Ons is bewus daarvan dat studente wat hul op hul taalregte beroep dikwels onder stigmatisering gebuk gaan. Individuele meertaligheid is 'n verdienstelike doelwit, maar dit behoort nie die individuele student se verantwoordelikheid te wees om teen groot persoonlike koste op Afrikaanse onderrig aan te dring nie. Die US behoort studente ter wille te wees deur 'n kanaal te skep vir die hantering van vrae en kwessies rondom die praktiese toepassing van die beleid.</p> <p>By 'n universiteit is taal 'n sentrale instrument vir kennisoordrag en die bemagtiging van studente. Dit het 'n uitkrangeffek op die groter samelewing en ekonomie.</p> <p>Dit is [persoonlike inligting verwyder] se oortuiging dat meertaligheid nie net in woord nie, maar veral in daad bevorder moet word.</p> <p>Die uwe, [persoonlike inligting verwyder]</p>			
A123	<p>Goeie more Prof Deresh Ramjugernath en alle belangstellendes, Ignoreer asseblief my eerste kommentaar op die tweeded konsep-weergawe van Taalbeleid</p>	2		

<p>(2016) [10252983]</p> <p>Hier is my volledige kommentaar op die tweede konsep-weergawe van Taalbeleid (2016) [10252983]</p> <p>Die Konstitusie skryf nie voor dat al die Universiteite Engels moet wees nie!</p> <p>Stellenbosch is die Bakermat van die Afrikaanse taal. Dit is waar Afrikaans sy ontstaan en verdere ontwikkeling en verfyning gekry het. Dit behoort 'n Wereld Erfenis Gebied vir die Afrikaanse Taal verklaar te word! Afrikaans is een van die jongste maar blyk een van die vinnigste ontwikkelende tale in die wereld te wees, daar word gedurig nuwe woorde geskep.</p> <p>Daar is gesegdes en uitdrukkings in Afrikaans wat nie vertaal kan word in enige ander taal nie. My Engelse vriende se Afrikaans is so ryk aan kosbare uitdrukkings wat alles se, hulle het dit nie in Engels nie en gebruik dit dikwels saam met Engels, want dit kan nie vertaal word nie.</p> <p>Nou wil Stellenbosch die Afrikaanse Taal verraai en in die rug steek, deur Stellenbosch 'n Engelse Univesiteit te maak en Afrikaans die tweede taal, afskeep taal met uiters swak vertalings deur mense wat nie die taal magtig is nie!!</p> <p>'n Klap in die gesig van Afrikaans sprekendes.</p> <p>Die Afrikaans sprekendes is nie net blankes nie, want daar is meer as 50% Afrikaans sprekendes in die Weskaap en sluit ook die Kleurlinge of die Bruinvolk in sowel as baie swartes, insluitende Xhosas, dus behoort die hoof taal Afrikaans te wees op Stellenbosch Universiteit.</p> <p>Kaapstad Universiteit (Ikeys) was nog altyd Engels so ook die Universiteit van die Wes Kaap en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. Uit 4 x universiteite in die Wes Kaap was Stellenbosch die enigste Afrikaanse Universiteit.</p> <p>Uit 21 universiteite in Suid Afrika was Stellenbosch tot nog onlangs die enigste oorblywende Afrikaanse Universiteit, en nou doen julle jul bes om Afrikaans as taal sy Akademie's reg, veral in die wereld van die wetenskap te ontnem.</p> <p>Die ander ding wat julle vergeet die Xhosas is nie oorspronklik van die wes Kaap nie, hulle is sedert 1994 deur die ANC regering ingebus na die Wes Kaap om die stem vir die ANC te probeer wen.</p> <p>Hulle is van die Oos Kaap waar daar Rhodes, Fort Hare, Mandela Baai Universiteit en die Walter Sisulu Universiteit is, dus 4 wat Xhosas kan bedien, maar hulle verkies Engels.</p> <p>Toe ek op Stellenbosch Universiteit was vanaf 1960 tot einde 1963 het ek soveel Engelsprekende vriende gehad van Natal wat saam met my klas gedraf het.</p>			
--	--	--	--

<p>Toe ek hulle vra hoekom Stellenbosch? Se hulle hier is 'n ryk kultuur en hulle het nog altyd respek vir die Afrikaners gehad want hulle gooi nooit tou op nie, en wou graag die taal ordentlik leer praat om die Afrikaners beter te verstaan.</p> <p>Wat doen julle nou?</p> <p>Julle gooi tou op, julle is hensoppers of anders gestel, verraaiers van die Afrikaner en die Afrikaanse Taal!!</p> <p>My familie van beide kante, is in Suid Afrika vanaf 1700, Afrikaners in murg en been, my oorlede Oupa alhoewel Engels sprekend en van Skotse afkoms het saam met die Boere geveg in die Anglo-Boereoorlog. My ouma het in 'n beestrok op pad na die Konsentrasie kamp geboorte geskenk aan 'n dogter. My Ouma is 'n paar jaar later agv die gevolge van die konsentrasie kamp oorlede. My Oupa is na Dayatalawa in Indie as krygsgevangene gestuur gedurende die 2de Anglo-Boereoorlog! Hy was deur Harm Oost beskryf as "Öch, wat een dapper man was jou vader tog nie" aan my Pa se broer. My Oupa het alles verloor maar van toe af was Gert Mills se deel van die familie Afrikaans Sprekend.</p> <p>Nou verraai Stellenbosch almal wat in die Anglo-Boere oorloer geveg het en wat Oos- en Noordwaarts getrek het om weg te kom van Engels, asook die Afrikaner se geskiedenis!</p> <p>Daar is 21 Univesiteite in Suid Afrika, waarvan Engels in die meeste gevalle die voertaal is!! Die rede is daar is nie genoeg wetenskaplike terme en handboeke in Zulu, Venda, Xhosa, Sotho, Tswana, Ndebele en die res van die 9 Afrika tale ontwikkel en gedruk nie, al is daar 'n Universiteit in al daardie taal gebiede bly die voertaal Engels.</p> <p>Terwyl in Afrikaans dit nie as 'n veskoning gebruik kan word nie daar is genoeg terme en handboeke in alle vak gebiede.</p> <p>Dit is dood eenvoudig net VERRAAD!</p> <p>Kyk bietjie wie is die leiers in groot maatskappye of het groot maatskappye ontwikkel en wat sal julle vind, dit is Afrikaans Sprekendes wat in Afrikaans opgelei was by toe nog Afrikaanse Univesiteite Stellenbosch, Bloemfontein, Pretoria, RAU en Potchefstroom.</p> <p>Maar nie een van hulle was die Bakermat van die Afrikaanse Taal nie, soos die geval is met Stellenbosch nie. Afrikaans moet die Voertaal bly op Stellenbosch en Engels 2e en Xhosa 3e.</p> <p>Een Universiteit uit 21 Univesiteite, wat Afrikaans was vanaf oorsprong en die Bakermat van Afrikaans, moet Afrikaans bly en die hoof voertaal Afrikaans.</p>		
---	--	--

	<p>Julle konsep weergawe is so pro Engels as kan kom en stel nie belang in enige voorleggings wat pro Afrikaans is nie, julle gooi dit summier uit en se dit is net 'n herhaling of nie van belang nie!!</p> <p>Ek is baie jammer maar my gevolgtreking uit wat julle se in die tweede weergawe van die Taalbeleid is dat dit tototaal bevooroordeel is teen Afrikaans, die Nalatenskap van die Afrikaans Sprekendes en die Afrikaner se geskiedenis, dit is totale verraad.</p> <p>Ek is jammer maar die raad is totaal en al bevooroordeel, en ignoreer totaal die feit dat Stellenbosch die Bakermat van die Afrikaanse Taal is! Behoort 'n Wereld Erfenis Gebied vir die Afrikaanse Taal verklaar te word!</p> <p>Die Konstitusie skryf nie voor dat al die Universiteite Engels moet wees nie, julle gebruik dit net as 'n gerieflike verskoning!</p> <p>Julle probeer die belangrikheid van die Afrikaanse Taal onder die mat in vee en pleeg verraad!!.</p> <p>Die uwe, [persoonlike inligting verwyder]</p>			
A124	<p>1. Uit die oogpunt van inklusiwiteit is dit duidelik dat die tweede konsep lofwaardig in teorie erns daarmee maak om met 'n verskeidenheid middelle voorsiening vir taalverskeidenheid te maak (byvoorbeeld tolking en IT en mobiele toepassings). Dit is egter altyd onderhewig aan terme soos "waar redelikerwys uitvoerbaar". Die verskaffing van hierdie dienste is natuurlik nie goedkoop nie (vandaar byvoorbeeld dié voorbehoud), sodat indien daar nie vir hierdie dienste begroot word nie, dit 'n leë letter gaan bly – die terme "begroot" en "begroting" kom nie in die konsep voor nie. Die voorsiening van taalgeregtigheid verg geld.</p> <p>2. Dit is opvallend dat negatiewe formulerings telkens na positiewe stellings verander is.</p> <p>3. Die nuwe reëling ivm Braille is positief. Hou in gedagte dat drukgestremde persone vandag meer tegnologiese middele as net Braille gebruik.</p> <p>4. Nieteenstaande die positiewe bedoelings om meer- en transtaligheid te bevorder, is Engels die verstek wanneer daar verskillende moontlikhede bestaan. Hierdie voorstel, saamgelees met die onbetwisbare verskuiwing van studente se taalagtergronde en -voorkeure soos uit die konteksdokument blyk (asook die vergelykende getal Afrikaanssprekende studente aan NWU), beteken dat die US de facto nou 'n hoofsaaklik Engelse inrigting is. Dit is beter om eerlik en openlik hieroor te wees en dit duidelik so vroeg as moontlik in die beleidsdokument te stel – om dit nie onomwonde te doen nie, sal bloot die klaarblyklieke werklikheid verdoesel. Die reeds problematiese 6.10 met sy oop eindes na die toekoms, kan byvoorbeeld lui: "6.10 Die implementering van die Taalbeleid pas aan by die veranderende taaldemografie en taalvoorkeure van studente en personeellede. Die huidige vetrekpunt gebaseer op taaldemografie en -voorkeure is dus dat Engels die verstektaal is." Hoe jammer dit vir derduisende oudstudeente mag wees, is dit die situasie</p>	1		

	<p>soos dit om watter redes ook al ontwikkel het, en dit sal waarskynlik nie omgekeer kan word nie – veral gesien die algemene interpretasie van die Grondwetlike Hof se uitspraak. Dit beteken nie dat die mooi ideaal van die US om in 'n meertalige konteks te funksioneer heeltemal afgeskryf moet word nie, maar dit kan verander na 'n rol om meertaligheid te bevorder binne 'n konteks waar Engels die taal van akademiese omgang is en waar ander Suid-Afrikaanse tale ook toepaslike funksies het.</p> <p>5. Wat individuele meertaligheid betref, kan 'n Engelssprekende student, behalwe wat taalvakke soos Afrikaans betref, volledig in Engels aan die US bestaan. Wat gaan die US doen om so 'n persoon aan te moedig om meer as een taal te gebruik?</p> <p>6. Sterkte met hierdie taak. So jammer Salomo kan nie bygeroep word nie. Die antwoord is waarskynlik om brutaal eerlik te wees – en die slae te verduur.</p> <p>7. Dit val my op dat kommentare op die eerste konsep anoniem gestuur kon word, maar dat die respondent se kategorie van betrokkenheid by die US genoem kon word. Dit gebeur nou nie hier nie. Laat dit nie die deur oop vir allerhande misbruike van die geleentheid nie? (Ek neem deel as oudstudent oor die jare 1969 tot 1996 en wat verskeie kere aan die US klas gegee het.)</p>			
A125	<p>Engels dank sy hoë status aan sy groot internasionale betekenis. Daarenteen word Afrikaans as prominente inheemse taal se Nederlandse wortels, gestaaf deur hulle onderlinge verstaanbaarheid, ontken of geïgnoreer met aanleiding tot die siening van Afrikaans as net nog 'n plaaslike taal met die onteenseglike ondermyning van sy betekenis en status.</p>	2		
A126	<p>US moet gekomplimenteer word met 'n raadplegingproses wat, anders as by ander instellings en in die verlede, ten minste aandui dat kommentaar op die eerste konsep in ag geneem is. Dit is dan ook 'n groot stap vorentoe dat die inheemse aard van Afrikaans nie meer betwis word nie. Tog is die wysigings en bewoording kosmetiese lippediens aan Afrikaans. Met die heropstelling van die taalbeleid het US 'n unieke geleentheid gehad om te kies om kommersieel te kompeteer met die ander tersiêre inrigtings in die Wes-Kaap wat ook almal Engels as vernaamste medium van onderrig gebruik, met sogenaamde bevordering van meertaligheid, ander tale, ontwikkeling van inheemse tale en hulp aan nie-Engelstalige studente, of dit kon baanbrekerswerk doen en terugkeer na die aanbod van alle kursusse in Afrikaans om sodoende diens te lewer aan moedertaalonderrig, aan sowat die helfte van die Wes-Kaap se inwoners wat Afrikaanssprekend is en dienste van alumni benodig en aan die derde grootste taalgroep in die land. Die taalbeleid klink pragtig, maar dit bied geen waarborg aan 'n student wat inskryf onder die indruk dat hy of sy in Afrikaans gaan studeer, dat die reg (let wel, reg, nie voorreg nie) hoegenaamd gaan realiseer nie – hetsy in totaal of selfs net gedeeltelik. Daarteenoor sal die Engelstalige student wel die reg geniet. Weer word die argument van koste opgehaal – wie bereken die koste van die studente wat studies staak of beurse misloop omdat hulle nie in hulle moedertaal, Afrikaans, kon studeer nie? Of diegene wat besluit om nie nagraads verder te studeer nie, of hoegenaamd nooit universiteit toe gaan nie? Reeds met die swak hantering van die koshuisstudente se klagtes oor taalregteskendings vroeër vanjaar en die besluit oor eentalige Engelse onderrig in die eerste helfte van die jaar wat sogenaamd deur die uitdagings van COVID-19 veroorsaak is, het US sy verbintenis tot Afrikaans en Afrikaanstaliges aangetoon. 'n Radikale herdink van die taalaanbod sou wees wat ons voorstel, nie net enkele aanpassings aan paragrawe nie. Ek</p>	2	<p>Ek volstaan met die kommentaar bo.</p>	

	volstaan dus met hierdie kommentaar en met erkenning aan die stigters van US en generasies dosente wat opgeoffer het om Afrikaans tot hoëfunksietaal uit te bou, mense wat eie aan hulle tyd op die terrein van menseregte fouteer het, maar minstens 'n trotse fondament gelê het vir taalregte waarop US sou kon voortbou, as die bestuur die nodige insig, inisiatief en moed gehad het.			
--	---	--	--	--

E1	General feedback on the second draft of the <i>Language Policy</i>		Feedback on a specific paragraph(s)	1
E1	The language policy looks clear and has a fair balance between languages	2	7.5.5 mentioned the development of their languages like Khoi and Nama. However, am wondering why put resources on those languages only, when the institution can put effort in developing other languages that students attending the university might speak? Like placing equal effort on additional languages except for the three official ones	1
E2			<p>With reference to the comment at the end of Para 7.1. "Some concerns were raised about releasing recordings of unedited lectures. The draft Language Policy does not prescribe that all lectures should be recorded; it merely provides for the eventuality that, if a recorded online session made use of simultaneous interpreting services, then that unedited lecture will be made available."</p> <p>Thank you for clarifying that not all lecturers should be recorded and the sentiment around the various paragraphs. With the current wording, this sentiment conveyed in the comment is unfortunately not reflected in the wording of para. 7.1.4.3. and 7.1.5.2 (a). Please reconsider the sentence structures as well as the wording of the paragraphs and specifically the use of 'or', 'and', 'as well as', etc.</p> <p>The paragraphs create the impression that if interpretation services are used, then recordings will be made available of both the original lecture and the translated version. Given the ambiguity which might currently exist, it should also be clear from the paragraph that if the interpretation service is used, that a recording will not necessarily be made available. Practically, if a recording of a translated lecture is uploaded, then students will have the expectation that the original lecture must also be uploaded since understandably it would be unfair to upload a translated recording but not the original recording.</p> <p>Given the uncertainty and current and future risks relating to the online space it would be appreciated if careful consideration be given to the working of these paragraphs.</p>	1
E3	I believe the current push to make Stellenbosch main language medium is political. The conversation is being racialized also. The fact that Afrikaans is by far the most common language in the Western Cape should also mean that the cultivation of strong Afrikaans speaking University should be embraced. As an English speaker and former speaker I can attest that the University did everything to accommodate English Speakers. Many lectures were held in English, those conducting the lectures were more than happy to answer questions in English. The test books were in English. Finally all tests and exams could be written in English. I vote for no change to the policy.	2		
E4			<p>COMMENT ON: 7.2.4 Afrikaans, English and isiXhosa are used judiciously at official events, such as official meetings, ceremonial occasions, and inaugural lectures.</p> <p>Where a single language is used, without repetition of what was said in another language, you are excluding people.</p> <p>It has happened on several occasions where a SU wide staff meeting was held, and some of the speakers spoke in Afrikaans. None of what was said was repeated, or shown as Closed Caption in English, and all staff that does not understand Afrikaans are excluded from the</p>	1

			<p>conversation.</p> <p>As an Afrikaans-speaking person myself, I am embarrassed when this happens. It is most often a white person speaking in Afrikaans, and it just creates a bigger divide between staff at Stellenbosch (everyone else vs. the white Afrikaans speaking staff).</p> <p>Unless everyone at the event can speak and understand the language, the default must be English.</p>	
E5	Acceptable			
E6	Create a Academic School for Afrikaans to increase the depth of the academic offering.	2	Offer face to face tutorials in Afrikaans and increase the academic offering in Afrikaans online.	1
E7	This policy seems reasonable given the official languages of the Western Cape are English, Afrikaans and Xhosa.	2		
E8	I fully agree with the changes that are made on the Language Policy. We need to keep Afrikaans witch is our language alive.	2	No additional amendments proposed.	2
E9	The policy looks good on paper, but my concern is with the implementation. As a previous student and current external worker working with students, it's obvious that this policy is not always applied. Up to date, comprehensive and detailed Afrikaans notes are not consistently made available, and, while Afrikaans is not specifically discouraged, there are instances where the use of Afrikaans creates a negative atmosphere where non-Afrikaans speakers would complain if a question was asked or answered in Afrikaans, even if the information is relayed in English as well, as it is not "inclusive". Either this behaviour among staff and students need to be addressed, or SU needs to let go of their paper-based "multilingual culture" and just do everything in English. It is very frustrating for the Afrikaans students to be told they have the freedom to speak their native language (which is, as your policy states, an academic language), but they feel inhibited or looked down upon by their classmates. From discussions I've had with other alumni, the feeling seems consistent - that the use of academic Afrikaans and multilingualism is advertised proudly and widely, but ends up disappointing students when they realise that it is not the case.	2		
E10			no comments , thank you for allowing us to review	2
E11	With respect and with great honesty, it is a futile and irrelevant exercise in impractical esoteric nonsense, far removed from a reality, an attempt to be all things to all people, which those of us who live in the real world of work, know is impossible.	2	Bearing in mind my comments above, I shall refrain from wasting any further time on it.	2
E12	Inclusion of the 3 main subjects used in SA and in particular, Cape Town is necessary. This has been promoted in this draft and hence I am happy with it.	2	There are some typos, I am sure that you are aware of. Some look like they have been edited, some not. See 7.1.1 tutorials is mis spelt. In the table on the last or second last page, robust is described as (knower) - perhaps in this particular context? However, to me it is more about strength and confidence.	1
E13	Section 2. Afrikaans should be abolished as a recognized Language in Stellenbosch. For the last century many non Afrikaans speaking people could not get admission or jobs at this university and this misconduct needs to stop soonest. The Afrikaans language and culture is a barrier to access good jobs and admission to the university at all levels of society	2		
E14	Section 2. Afrikaans should be abolished as a recognized Language in Stellenbosch. For the last century many non Afrikaans speaking people could not get admission or jobs at this university and this misconduct needs to stop soonest. The Afrikaans language and culture is a barrier to access good jobs and admission to the university at all levels of society	2		

E15	At 9.1.1 Can the word "owner" be substituted by "custodian"...just think it is a more apt description as the deputy vice chancellor is employed by the university and university policy is owned by the university not employees.	1	7.5.5 ...developing the Nama, Khoi and San Languages (with a view to implementation by 2025 - 2030 in the least as correspondence language/s (as stated in 7.3.1) in the event of an influx of Nama, Khoi and San students, proficient in said language). Should the demand arise for tuition in said language and or any other language that is recognised as an official language of the province a review of the policy should take place with reference to Official Languages of Western Cape Province (as stated in 2).	1
E16	Well-drafted!	2	I agree with the changes.	2
E17	Please don't loose Afrikaans in either the academic realm or at the residences.	2		
E18	I am happy with the changes	2		
E19	I do not agree that the University prescribes a language policy, regardless of content, to any lecturer or student, who should in a free society be able to choose, together with the class or community, the language of communication. Be that oral or written. This might simply be the idealistic liberal in me not accepting the authoritarian tendencies of the administration. I have full confidence in our society, if given the opportunity free of administrative intervention, to be every bit as accommodating as the best intentions the University might have. Some aspects of culture should be left alone to morph and change naturally. The result will be stable and dynamic at the same time. No policy, however idealistic the intentions behind it, can create such a culture.	2	Paragraph 7.2.5: The University dictating the language policy of student communities, which is a broad and undefined term, is a gross overreaching of its mandate. Students should be able to communicate in any way they see fit. If an student wishes to speak in Klingon, to their friends or family, while in a student community, it is their constitutional right. I cannot condone a language policy or support any institution, that aims to police at this level.	2
E20	I am very delighted to see how far SU has come with accommodating students' needs in and outside the classroom. It's a very different institution from when I was a student there and I hope the current and future students enjoy their experience. Thank you for doing this very important work to build a truly inclusive institution.	2		
E21	Dit maak my bly om te weet SU beplan om nogsteeds in Afrikaans te onderrig. Die grootste deel van die Wes Kaapse bevolking praat Afrkaans as huistaal. Ek hou van die moontlikheid dat Xhosa onderrig uitgebrei en ontwikkel word aangesien dit nóg meer potensiele studente sal help in hul onderrig. Hierdie is n groot taak om te onderneem, dankie aan al die personeel war hard werk aan dit. Mag SU net sterker en sterker word (waar al die bevolkings groepe onderrig kan word). [personal identifiers redacted]	2		
